MATIE-land



JAARGANG 2 NOMMER 2 AUGUSTUS 1958

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Waardevolle Besittings



Om u waardevolle besittings goed op te pas, is 'n bankdiens wat u baie nuttig kan vind. Ons Bestuurders en personeellede by meer as 850 Takke en Agentskappe sal u navrae verwelkom, en sal u met genoeë meedeel omtrent die reelings wat getref is vir hierdie diens.

Persoonlike besittings kan dikwels nie vervang word nie

Oud Meester
Likeurbrandewyn
Beste Brandewyn in die Britse Ryk
Bekroon met Eersteprys en Goue Medalje
Half-eeuse Wynskou Londen 1950
V.S.O.B
LIKEUR BRANDE
Oud Meester
Liqueur Bran

OUD &



VRA OM WOLNIT SUPER-SOKKIES

—en aanvaar geen plaasvervangers nie!

Van reknylon,
Terylene-en-reknylon of wol-en-
reknylon mengsel.
Net een grootte—pas elke voet.
Sak nie af nie—
breë rek hou hulle
op sonder om die been te knel.
So lekker sag, jy voel
hul skaars.
Verkrygbaar in pragtige kleure.

12 MAANDE LANK GEWAARBORG

Wolnit Super



DIE SOKKIES WAT HUL GELD DUBBELD EN DWARS WERD IS

VZ382/A

Gesondheid

Bier is eg Suid-Afrikaans, nie slegs omrede dit so diep in Suid-Afrikaanse tradisies gewortel is nie — Jan van Riebeeck was immers ons eerste brouer — maar ook omdat Bier feitlik geheel en al van die natuurlike produkte van Suid-Afrika se vrugbare aarde, kristalhelder lug en stralende son gebrou is. Vonkelende, skuimkoue Bier is die vrug van eie bodem, die gesellige glasvol vir diegene wat in eie bodem gewortel is.

BISA

Uitgereik deur die Brouers-Instituut van Suid-Afrika

G209/463

VIR ENERGIE VOOR DIE WEDSTRYD!

K O O -Vrugtesappe — hulle verskaf u energie en stukrag vir enige kragmeting. KOO-Vrugtesappe verhoog u weerstandsvermoë, gee u meer lewenslus en veerkragtigheid — en is heerlik. Hulle smaak beter as vars vrugte. Goed om te drink en goed vir u — KOO-Vrugtesappe.

KOO 'BOORD-VARS' VRUGTESAPPE

DIE SPESIAAL-VOORBEREIDE DRANKIE VIR DIE SPORTMAN

Pynappel verskaf lewenslus!

Ander gunsteling-geure: Lemoen, Pomelo, Koejawel, Tamatie, Appelkoos, Perske, Pruim.



N.S. WEES ALMAL SE GUNSTELING! TRAKTEER U VRIENDE OP KOO-VRUGTESAPPE — HULLE VERSKAF ENERGIE DWARSDEUR DIE JAAR

MATIELAND

Uitgegee vir Oudstudente
en Donateurs deur die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
DR. ERNST VAN HEERDEN
MET MEDEWERKING VAN
DIE INLIGTINGSBURO VAN DIE UNIVERSITEIT

JAARGANG 2 · AUGUSTUS 1958 · NO. 2

INHOUD

REDAKSIONEEL

Die Universiteit in die Tegnologiese Eeu 7

UNIVERSITEITSNUUS

Rektor na Statebondskonferensie van Universiteitshoofde 8
Marlothiana geskenk aan die Universiteit 9
Heengaan van prof. G. G. Cillié, snr. 9
Inligtingsburo brei uit 10
Vername Besoek 10
Nuwe Aanstellings aan die Universiteit 10
Arena 1958 11
Treurspel op Vooraand van Intervarsity 11
Navorsing gesteun deur die Mielieraad 11
Vise-Kanselier Oorsee 12
Die Jaarboek van die „Association of Universities of the British Commonwealth" 12
Skildery van wyle mnr. A. F. Markotter 12
Beurse aan dr. G. J. Ritter en dr. D. M. Kemp 13
Indiensopleiding van Onderwysers 13
Die Konservatorium voer 'n Opera op 14
Mnr. M. M. Donald 14
Die Universiteitsjool 1958 15
Aantal grade in 1957 toegeken 15
Mnr. G. J. Smit verower Franse Beurs 15
Sangfees word 'n Kunsfees 15

ARTIKELS

Die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk 17
Indrukke van die Onderwys in Noord-Amerika 19
Biblioteekwese as Beroep 21
Die Departement van Duits 23
Geleer deur Nederlaag 25
Vyf-en-Twintig Jaar van Huishoudkunde 26

NUUS VAN OUD-MATIEBONDTAKKE 28

BRIEWEBUS 30

VAN HEINDE EN VERRE 31

DIE „MATIELAND"-FONDS 34

BUITEBLADFOTO:

Sangfees

REDAKSIONEEL

Die Universiteit in die Tegnologiese Eeu

EEN van die besondere dilemmas wat die Westerse beskawing teister, is hoe om die ewewig te vind tussen die behoud van geestelike waardes aan die een kant en die steeds dringender eise van 'n snel ontwikkelende tegnologiese maatskappy met sy meganistiese wêreldbeeld aan die ander.

'n Skouspelagtige bewys van die opbloei van die tegniek en die wetenskap is die groot toename in die aantal studente in die vakke Skeikunde, Fisika, Ingenieurswese en Geneeskunde aan ons universiteite. Steeds moet voorsiening gemaak word vir groter laboratoriums, meer personeel, ingewikkelder en duurder toerusting. Die natuurwetenskappe en die toegepaste wetenskappe is van primêre belang in die moderne wêreld, nie net in die ou nywerheidslande van Europa en Amerika nie, maar eweneens in die jong Suid-Afrika met sy bloeiende ekonomie en uitbreidende handelslewe.

Die mens van vandag word in 'n tegniese wêreld gebore; reeds vroeg oefen die meganismes en apparaat van die wetenskap 'n bindende mag op sy ganse lewe uit. Is dit te verwonder dat vir vele die uitmekaarhaal en heropbou van tasbare dinge, die ontleding van konkreta 'n groter sin van realiteit en waarde het as om die Letterkunde of die Filosofie te beoefen? Die pessimisme van Huizinga, Toynbee en Ortega y Gasset vind bepaald steun in die siniese en negatiewe wyse waarop die „Realpolitik" van ons tyd bedryf word en die onderskraging wat naakte magsbeleid in wetenskap en tegniek vind.

Dit is te verstaan dat behoudende mense 'n gevaar vir ons geesteslewe sien in hierdie oorstelpende tegniese ontwikkeling en die skynbare ontkenning van etiese waardes wat daarin opgesluit lê. Die agteruitgang van vakke soos Latyn op skool, die verswakking van die vermoë om die landstale doeltreffend te hanteer waaroor in die onderwys en in die openbare lewe so gekla word, word simptomaties van 'n tyd wat vir baie 'n byna Griekse noodlotsbestemming inhou.

Maar wat is die taak van die universiteit in hierdie eeu van die tegniek? Hoe kan die universiteit voorkom dat dit die kweekplek word van die „geleerde barbaar"?

Die opvatting dat dit onvanpas is vir 'n universiteit om die veeartsenykunde of landbou of huisbestuur of paaie-konstruksie te doseer, is verouder, 'n oorblyfsel van die snobistiese idee dat 'n universiteit se vernaamste funksie is om „gentlemen" te kweek. Dié idee gaan nie meer op nie. Ons aanvaar dit as vanselfsprekend dat ons universiteite professionele opleiding moet verskaf. Ook dat die opleiding tot die hoogste peil opgestoot moet word. In die „toegepaste" vakke soos die Ingenieurswese, die Landbou, die Geneeskunde en ander moet 'n baie hoë standaard van basiese wetenskaplike kennis vereis word. Maar is dit genoeg?

Die ou Grieke kon reeds 'n sonsverduistering „verklaar" of die dryfkrag van stoom insien; hulle begrip „philosophia" het nie net wysgerige denke omvat nie, maar ook die natuur- en wêreldkennis wat ons vandag „wetenskap" noem. Miskien lê ons inspirasiebron vir 'n harmonie van die gees dáár, waar die skynbare paradokse opgelos word in 'n siening van die mens as 'n eenheid van brein èn hart. Daarom behoort by 'n tegnologiese opleiding die student se algemene kulturele vorming nie agterweë te bly nie. Hierdie kulturele vorming kry hy indirek in groot mate deur sy omgang met sy medestudente (veral in die hegte saamhorigheid van 'n universiteit soos Stellenbosch), maar ook in die universiteitsatmosfeer, in die druk en gisting van 'n vitale en woelende maatskappy. Direk kan hy dit kry deur bv. lesings in ander fakulteite as sy eie, of voordragte van besoekende professore by te woon; dit is inderdaad te betreur dat relatief so weinig studente van hierdie geleenthede gebruik maak.

Maar Stellenbosch het 'n unieke instelling in die Sangfees wat letterlik duisende studente vir die eerste keer met die lewende tradisie van goeie musiek in persoonlike aanraking bring. Kleiner groepe, soos die spelers en tegnici van die eksperimentele teater Arena, die Universiteitskoor, die deelnemers aan die Konservatorium-opvoerings en -konserte, die geselskappe wat in die vakansies op toer gaan, die radiomedewerkers — hulle almal kry die kos-

telikste geleenthede vir kulturele vorming deur eie administrasie en beoefening.

Die oplossing van die geestesontreddering van ons tyd lê op die morele vlak, in die terugkeer tot die godsdienstig-sedelike *ethos* van ons voorvaders. Die Universiteit van Stellenbosch het vanaf sy ontstaan baie duidelik rigting gegee in die ontwikkeling en uitbou van die geesteswaardes van die Afrikanervolk. Waar die Universiteit ook vandag sy deel bydra tot die tegniese opleiding van ons jeug, doen hy dit in die besef dat daardie groter dinge nie verwaarloos mag word nie. Daarom sal die mens, en ook die alumnus van Stellenbosch, bly glo in die absolute waardes: in Waarheid, Skoonheid en Goedheid as die fundamentele tekstuur van die lewe en die heelal.

UNIVERSITEITSNUUS

Rektor na Statebondskonferensie van Universiteitshoofde

PROF. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, vertrek in Augustus na Kanada om die Konferensie van die Universiteitshoofde van die Statebondslande by te woon.

Hierdie Konferensie wat in die eerste week van September in Montreal plaasvind, is die vyfjaarlikse vergadering van die Universiteite wat lede is van die Assosiasie van Universiteite van Statebondslande. Dit word vooraf-gegaan deur 'n samespreking in Toronto tussen hoofde van die Suid-Afrikaanse e.a. Statebondslande se Universiteite saam met die hoofde van sekere Amerikaanse Universiteite.

By die Konferensie in Montreal sal 'n groot verskeidenheid van probleme bespreek word wat vir die Universiteite van belang is, bv. finansiering van Universiteite, onderrig aan Universiteite, navorsing, personeel, studenteprobleme ens. Die klem sal veral op gemeenskaplike probleme val. Die program is deeglik uitgewerk en dit beloof om interessante en waardevolle gedagtewisseling mee te bring. Die ondervinding wat prof. Thom reeds in



Die Rektor en die Vise-Kanselier vertrek albei binnekort oorsee: prof. H. B. Thom en ds. J. S. Gericke.

Suid-Afrika en twee jaar gelede in die V.S.A. en Kanada opgedoen het, sal vir hom van baie groot waarde wees.

Na afloop van hierdie Konferensie vind daar 'n toer plaas in die loop waarvan besoek afgelê sal word by verskeie Amerikaanse Universiteite. Hierdie toer word deur die Amerikaanse Universiteite gereël.

Prof. Thom het ons meegedeel dat dit 'n gunstige geleentheid sal wees om samesprekings met Universiteitsmense van die buiteland te voer en om aan hulle iets van die probleme van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Universiteite te verduidelik. Dit skyn vandag baie wenslik te wees, aangesien ons land en ook ons Universiteite so dikwels in die verkeerde lig teenoor die vreemde gestel word.

Prof. Thom sal deur mev. Thom vergesel word. Spesiale reëlings word vir die afgevaardigdes se eggenotes getref.

Die Rektor en mev. Thom hoop om einde September in Suid-Afrika terug te wees.

Marlothiana geskenk aan die Universiteit

DEUR die welwillendheid van mevrou M. M. Marloth en haar seuns is die fotografiese negatiewe, 'n groot aantal foto's, die oorspronklikes van die kleurprente in die „Flora of South Africa", 'n groot aantal boeke, en artikels, briewe en uitknipsels wat handel oor wyle prof. dr. Rudolf Marloth aan die Universiteit geskenk. Al die geskenke (afgesien van sommige boeke en die minerale gesteentes) is in die Plantkunde-departement gehuisves.

Wyle prof. Marloth was in sy leeftyd erken as die beste fotograaf van Suid-Afrikaanse plante en sy versameling negatiewe en foto's bevat materiaal wat vir plantkundige navorsing van 'n veldkundige aard baie waardevol is.

Rudolf Marloth was teen die einde van die vorige eeu en die begin van hierdie eeu verbonde aan die ou Victoria-Kollege en die Landboukollege en was van 1889—1892 professor in Chemie en Eksperimentele Fisika. Hy was die persoon wat die eerste klasse in Plantkunde vir na-matriek-studente in Stellenbosch gegee het. Wyle generaal J. C. Smuts was een van sy studente in Plantkunde.

Met sy wye belangstelling en talle wetenskaplike en populêre publikasies oor die plante van Suid-Afrika, soos hy hul veral in die veld leer ken het, het Marloth 'n ongeëwenaarde bydrae tot die Suid-Afrikaanse Plantkunde gelewer. Sy lewe en werk is 'n inspirasie vir plantkundiges wat in die veld belang stel.

Heengaan van Prof. G. G. Cillie, Snr.

'N SKAKEL met die tradisieryke verlede is verbreek met die heengaan op 1 April 1958 van prof. G. G. Cillié, snr., die bekendste onderwyspersoonlikheid in die land wat 'n onberekenbare invloed op die groei en ontwikkeling, die administrasie en beoefening van die onderwys in Suid-Afrika gehad het.

Geslagte van studente in die Fakulteit van Opvoedkunde aan ons Universiteit sal hom onthou as dosent en raadgewer, soos onderwysers oor die hele land hom as leidsman in en voorvegter vir hulle beroep sal onthou en huldig. Sy menslikheid, genaakbaarheid en droë humorsin was van die treffende persoonlikheidskenmerke wat sy oudstudente bybly, soos sy deeglikheid, toewyding en ernstige prinsipiële standpunt in sy wetenskaplike werk hulle eerbied en bewondering afgedwing het.

Wyle prof. Cillié het 'n merkwaardige loopbaan in diens van die Universiteit gehad. Sy eerste professoraat op Stellenbosch was dié in die klassieke en sy vorming as klassikus het ook later dikwels geblyk in die kennelike liefde waarmee hy Latynse spreuke en skrywers kon aanhaal. Verder het hy in die moeilike wordingsjare van die Universiteit as selfstandige inrigting, van 1919 tot 1925, die pos van Rektor beklee — 'n pos waarin sy buitengewone geestelike gawes, sy helder verstand, sy insig en onderskeidingsvermoë, sy seldsame geheue 'n groot bate vir die universiteit-in-wording was.

Toe prof. Cillié aan die einde van 1912 as Professor in die Opvoedkunde aangestel is, het hy terselfdertyd Hoof en Dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde geword, 'n posisie wat hy tot sy aftrede in 1947 beklee het. In hierdie hoedanigheid het hy die beleid vir die Fakulteit aangegee, die deurlopende administrasiewerk in verband met die Fakulteit gedoen en op sy eie onmiskenbare wyse 'n heel besondere stempel van toewyding en diens op die Fakulteit afgedruk. Dit is vir die Universiteit 'n eer dat die saal in die Opvoedkundegebou die naam van die G. G. Cillié-saal dra in erkentlikheid en as huldeblyk aan hierdie groot onderwysman, soos dit vir almal 'n vreugde is dat hy nog self 'n paar jaar gelede die benoemingsplegtigheid kon bywoon.

As lid van verskeie belangrike komitees van die Raad en die Senaat het prof. Cillié groot en gewaardeerde dienste gelewer. Daar was feitlik g'n belangrike vertakking van die Universiteit se werk waaraan hy nie regstreeks of onregstreeks 'n aandeel gehad het nie. Hy het

fondamente help lê waarop ander met vertroue en gerustheid kon voortbou.

Sy lewe van diens sal altyd 'n inspirasie vir ons Universiteit, die onderwys in ons land en die hele Afrikanervolk bly.

Inligtingsburo Brei Uit

DIE werksaamhede van die Inligtingsburo van die Universiteit het sodanig toegeneem dat die aanstelling van 'n addisionele amptenaar noodsaaklik geword het. Mnr. L. Walters, onderwyser aan die Hoër Handelskool te Bellville, is as Skakelbeampte van die Universiteit aangestel en het sy pligte op 1 Julie 1958 aanvaar.

Mnr. Walters is 'n oudstudent van ons Universiteit se Handelsfakulteit en het in Bellville 'n groot aandeel gehad in die totstandkoming en organisasie van die Hoër Handelskool. Ons vertrou dat mnr. Walters sy nuwe werk 'n prikkelende ervaring sal vind en dat die Universiteit groot voordeel uit sy toewyding, bekwaamheid en organisasievermoë sal put.

Mnr. P. J. Lombard is hoof van die Inligtingsburo, en mev. M. E. Greeff is die gegradueerde tikster-sekretaresse. Dr. Ernst van Heerden, dosent in Afrikaans in die Fakulteit van Opvoedkunde, dien in deeltydse hoedanigheid as Redakteur van „Matieland".

Ons wil oudstudente weereens versoek om die Inligtingsburo van adresveranderings op hoogte te hou. Met elke uitgawe van ons blad kom talryke eksemplare onafgelewer terug. U as lesers kan ons personeel ook baie help deur name en adresse van oud-Maties in u omgewing op te stuur.

Ten slotte, 'n laaste wordjie oor nuusbrokkies en bydraes. Ons is baie dankbaar om van baie van ons lesers berigte van 'n sosiale aard te kry; dit spyt ons werklik dat sommige van hierdie berigte wat ons vir publikasie opgeteken het, by die opmaak van die blad wegval as gevolg van beperkte ruimte. Ons sal egter in die toekoms probeer om meer ruimte vir hierdie soort „nuus" af te sonder. Langer stukke van lesers, oor interessante plekke, werksaamhede of ervarings, is nog steeds baie welkom.

Vernaame Besoek

ONS stel dit besonder op prys dat vooraanstaande persone uit die akademiese en sakewêreld die Universiteit van Stellenbosch gereeld besoek; die besoeke lei dikwels tot 'n uitwisseling van gedagtes oor probleme en gesigspunte wat vir ons Universiteit baie waardevol is.

So kon die Universiteit onlangs die volgende besoekers hier verwelkom:

Die beroemde bakterioloog, prof. Walter Kikuth, tans Direkteur van die Instituut vir Mikrobiologie en Higiëne van die Mediese Akademie te Düsseldorf, Wes-Duitsland, het 'n paar dae hier deurgebring en veral in die nuwe Geneeskundige Fakulteit belang gestel.

Dr. A. J. A. Roux, Vise-President van die W.N.N.R. en Navorsingsdirekteur van die Atoomkrag-raad, het 'n baie prikkelende lesing oor „Die Atoomeeu" gelewer. Dr. Roux is ook lid van die regeringskommissie oor die kommersiële aanwending van kernkrag in Suid-Afrika; hy was vroeër dosent in die Fakulteit van Ingenieurswese van ons Universiteit.

Mnre. Sawyer en Powell, hoofde van die Shell-maatskappy, het veral die ingenieursfakulteit en die Chemie-departement baie interessant gevind en kon ook nuttige samesprekings oor die nuwe Shell-beurse met die Rektor voer.

Prof. P. M. Endt, hoogleraar in eksperimentele fisika aan die Ryksuniversiteit te Utrecht, Nederland, het 'n voorlesing voor 'n waarderende gehoor oor kernfisiese ondersoek in Nederland gehou.

'n Vooraanstaande figuur uit die finansiële wêreld, mnr. H. C. Koch, President van die Transvaal en O.V.S. Kamer van Mynwese, het 'n groot gehoor oor „The Gold, Uranium and Coal Mining Industries of South Africa" toegespreek.

Prof. Mackie, professor in Skotse Geskiedenis aan die Universiteit van Glasgow, het 'n openbare lesing gegee oor „New Opinions on the Writing of History".

In al hierdie gevalle het die Rektor en mev. H. B. Thom geskikte ontvangste vir ons geeerde besoekers gereël. Hierdie funksies wat ook deur lede van die doserende personeel bygewoon is en wat 'n aangename geleentheid vir gesellige verkeer gebied het, is deur ons besoekers hoog op prys gestel.

Nuwe Aanstellings aan die Universiteit

DR. J. K. BASSON, hoof van die W.N.N.R.-laboratorium vir Biofisika en Toegepaste Radio-aktiwiteit, is aangestel as Senior Lektor in Fisika aan die Universiteit. Dr. Basson het die B.Sc.- en M.Sc.-grade aan die Universiteit van Stellenbosch en die D.Sc. aan die Universiteit van Pretoria verwerf. In 1955 het hy studie en navorsing in sy vakrigting in die V.S.A. en in Engeland gedoen en in sowel Suid-Afrikaanse as oorsese tydskrifte het hy hoogstaande wetenskaplike artikels gepubliseer.

Mnr. B. Krämer is aangestel as Senior Lektor in Werktuigkundige Ingenieurswese in die

plek van wyle mnr. A. P. Barnard wat in Januarie in 'n motorongeluk oorlede is.

Mnr. Lionel Bowman is vir 'n tydperk van twee jaar as Senior Lektor in klavier aan die Konservatorium vir Musiek benoem.

Mnr. C. A. Smith van die Fakulteit van Handelswetenskappe is bevorder tot Senior Lektor in Rekeningkunde in die plek van mnr. G. J. Vosloo wat sy betrekking neergelê het.

Dr. K. Borgin van die Fakulteit van Bosbou is bevorder tot Senior Lektor in Houttegnologie.

Mnre. J. B. Thompson en J. M. Allen is vanaf 1959 permanent aangestel as Lektore in die Departement Engels.

Volgens 'n besluit van die Universiteitsraad is die status van Senior Lektor verleen aan dr. C. Verburgh, hoofnavorser in die Buro vir Ekonomiese Navorsing.

Arena 1958

MNR. ROBERT MOHR, hoof van die Engelse afdeling in die Departement van Spraak, Voordrag en Toneel, het verlede jaar onder die banier van „Arena 1957 — 'n eksperimentele teater" 'n opvoering van „Hamlet" op die planke gebring wat allerweë begroet is as een van die beduidendste toneelprestasies van baie jare in Suid-Afrika.

Vanjaar het mnr. Mohr sy werk voortgesit met 'n reeks opvoerings van die Duitse regisseur en toneelskrywer, Bertolt Brecht, se stuk „Mother Courage" wat in Engelse vertaling vir 'n seisoen van meer as twee weke voor vol sale gespeel het. Dit was die eerste keer dat hierdie drama in Suid-Afrika opgevoer is en weereens het die knap spel van die studente en die kundige hantering deur die regisseur groot lof van toneelgangers ingeoes.

Mnr. Mohr gee sy opvoerings in die ou Hollandse saal waar 'n terras-verhoog met verskillende speelvlakke ingerig is. Hy glo dat die idee van lewe en wording eerder verwesenlik word in 'n byna primitiewe, nooit afgeronde teater as in luisterryke en tegnies-volmaakte skouburge. Mnr. Mohr sien sy „Arena 58" as 'n eksperimentele teater-in-wording waarin heeltemal weggebreek word van die konvensionele idee van wat toneel behoort te wees. Sy verbeeldingryke regie en leiding is 'n inspirasie vir die studente en dra baie daartoe by om 'n nuwe, prikkelende en eiesoortige toneeltradisie op Stellenbosch te skep.

Treurspel op Vooraand van Intervarsity

DIE hele Universiteit was diep geskok deur die tragiese heengaan van drie studente, Emil Paquet, Danie Swanepoel en Willie van Heerden, in 'n motorongeluk op die vooraand van vanjaar se Intervarsity. Baie berigte hieroor het reeds in die koerante verskyn. Die ongeluk het 'n skaduwee gewerp op die Intervarsity waarna al die studente en vriende van die twee universiteite so verwagtend uitgesien het.

Die Administrasie het alles binne sy vermoë gedoen om vanuit die Universiteitskantoor onmiddellik die ouers van die betrokke studente te skakel. In sommige gevalle kon die nuus regstreeks oorgedra word, in ander gevalle is dit onregstreeks gedoen. Telegramme is ook dadelik afgestuur. Op spesiale versoek van die Rektor het die Kaapstadse pers en die S.A.U.K. die name van die betrokke studente teruggehou totdat die naasbestaandes in kennis gestel is van die ongeluk.

'n Gesamentlike Roudiens in die Nuwe Kerk is deur een van die plaaslike leraars, ds. J. S. Gericke wat ook Vise-Kanselier van die Universiteit is, gelei. 'n Groot skare van studente het opgekom om die laaste hulde aan hulle verongelukte maats te betuig. Prof. J. P. Duminy, Prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad het die diens bygewoon en namens sy Universiteit meegevoel betuig. Hy het gesê dat die twee susteruniversiteite heg verbind is in die skaduwee van hierdie treurspel.

Prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, het gesê dat die hele land deur die treurspel diep geskok is. Die drie jong mans het met stil en beskeie lewens die beste van Stellenbosch verteenwoordig. Hulle dood is 'n aangrypende roepstem nie net vir die Universiteit nie, maar vir die jeug van die hele land.

Die Universiteit betuig sy diepste meegevoel aan die ouers van die studente, en ook aan hul koshuismaats in Huis-Visser, en aan die hele studentegemeenskap.

Navorsing Gesteun deur die Mielieraad

DIE Raad van Beheer oor die Mielienywerheid het £2,000 vir navorsing aan die Universiteit geskenk. Reeds by 'n vorige geleentheid het die Raad £300 aan die Universiteit oorgemaak ter bevordering van navorsing oor die voorafgaarmaak van mieliemeel.

Die tegniek wat hierdeur ontwikkel is, bied nou moontlikhede dat mielieprodukte in een proses versterk, gesteriliseer, ontwater en gaargemaak kan word. Verder is dit ook nou moontlik dat afvalprodukte met hoë voedingswaarde soos wyngis, karringmelk, wei, e.d.m. op 'n voortreflike wyse in mieliemeel vir hoëgraadse dierevoeding ingesluit kan word. Die

jongste skenking van die Mielieraad dek juis hierdie aspekte van die navorsingsprogram.

Prof. I. S. Perold en dr. W. H. K. Coetzee van die Departement Landbou-Chemie in die Fakulteit van Landbou, lei die navorsing op hierdie gebied. Die groot vraag gaan oor die presiese biologiese waarde van die genoemde produkte. Prof. Perold gebruik vir die eksperimente 'n aantal rotte wat deur 'n groep studente gereeld gevoer, gemeet en geanaliseer word. Mnr. Tobie Lochner van die afdeling vir graanchemie sit ook hand by, want daar is allerlei moontlikhede i.v.m. ontbytkosse daarby betrokke.

Die Universiteit is die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid baie dankbaar vir die milde skenkings wat hierdie belangrike navorsingsprojekte moontlik maak.

Vise-Kanselier Oorsee

DIE Vise-Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, ds. J. S. Gericke, het 'n reistoekenning ontvang om die Verenigde State van Amerika te besoek. Daar bestaan 'n liggaam wat toekennings aan verteenwoordigende persone maak om die V.S.A. en Suid-Afrika op 'n uitruilbasis te besoek. Die doel van die reise is om Suid-Afrikaners met leiers en toonaangewende persone in Amerika in aanraking te bring en vir Amerikaners om op dieselfde wyse met vooraanstaande Suid-Afrikaners kontak te maak.

Ds. Gericke hoop om van die belangrikste Protestantse kerkleiers te ontmoet. Hy sal in September vertrek en vir ongeveer drie maande in Amerika vertoef.

Die Jaarboek van die „Association of Universities of the British Commonwealth"

LESERS wat moontlik belang stel in 'n nuttige naslaanwerk oor die geskiedenis en organisasie van al die universiteite in die Statebond, kan die „Commonwealth Universities Yearbook 1958" teen die prys van £4.6.6d. posvry (vir universiteitsdosente £2.18.6) van die volgende adres bestel: The Secretary, The Association of Universities of the British Commonwealth, 36, Gordon Square, London, W.C.1. Die Redakteur van die Jaarboek het versoek dat die publikasie onder die aandag van die alumni van ons Universiteit gebring word, wat ons hiermee graag doen.

Byna die helfte van die boek bevat gegewens oor die universiteite in die Verenigde Koninkryk en die res word aan die universiteite van Suid-Afrika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Indië, Pakistan, Ceylon en ander gebiede in die Statebond gewy. Benewens algemene artikels bevat die bundel 'n beknopte geskiedenis van elke universiteit met besonderhede oor ampsdraers, doserende en administratiewe personeel, fakulteite, laboratoriumfasiliteite, spesiale versamelings, grade wat aangebied word, gelde betaalbaar, eregrade toegeken, studentegetalle, ens. Agter in die boek is 'n aantal nuttige bylaes, o.a. oor toelatingsvereistes tot die universiteite in die verskillende lande en 'n baie nuttige indeks van alle name van dosente en amptenare. Die boek word veral vir biblioteke aanbeveel.

Skildery van wyle Mnr. A. F. Markotter

'N DOGTER van wyle mnr. A. F. Markotter, mev. Babs Beyleveld van Pretoria, het onlangs 'n groot, treffende skildery van haar vader deur Neville Lewis, in bruikleen aan die Universiteit van Stellenbosch afgestaan. Die Rektor, prof. H. B. Thom, het die skildery namens die Universiteit in ontvangs geneem en die uitnemende dienste wat wyle mnr. Markotter op verskillende gebiede aan die Universiteit gelewer het, in herinnering geroep.

Die Rektor, prof. H. B. Thom, by die skildery van wyle mnr. A. F. Markotter.

„Oubaas Mark" — soos mnr. Markotter liefdevol op Stellenbosch onthou word — was jarelank lid van die Universiteitsraad. Aan die skildery is 'n ereplek in die Raadkamer van die Universiteit gegee. Die skildery toon wyle mnr. Markotter in tipiese houding en word as 'n uitstekende gelykenis beskou.

Beurse aan Dr. G. J. Ritter en Dr. D. M. Kemp

DR. G. J. RITTER, lektor in die Departement Fisika, het 'n beurs van 3,700 dollar van die Kanadese Navorsingsraad, die ekwivalent van ons W.N.N.R., ontvang. Honderde applikante van oor die hele wêreld ding jaarliks om hierdie beurse mee en dit is 'n groot onderskeiding vir dr. Ritter en vir ons Universiteit dat hy een van dié „fellowships" verower het. Hy hoop om in November na Ottawa te vertrek om vir 'n jaar gespesialiseerde navorsing in die laboratoria van die Kanadese Navorsingsraad te doen. Die Fisika-afdeling van die Raad staan onder beheer van die beroemde fisikus, dr. G. Herzberg, wat as 'n wêreldoutoriteit op sy gebied beskou word. Dr. Ritter sal veral saamwerk met dr. Hin Lew, die deskundige op die gebied van die atoomstraalspektroskopie.

Dr. D. M. Kemp, lektor in die Departement Chemie, het 'n navorsingsbeurs ontvang wat hom in staat sal stel om vir drie jaar aan die Atoomkrag-Instituut te Harwell, Engeland, te studeer. Hy sal hom veral toelê op die radioskeikunde en verwante gebiede.

Ons felisiteer hierdie twee jong wetenskaplikes met hulle prestasie en wens hulle 'n aangename en nuttige verblyf in die vreemde toe.

Indiensopleiding van Onderwysers

IN die afgelope jare het diensdoende onderwysers ernstige vertoë tot die Universiteit gerig om fasiliteite beskikbaar te stel vir studie terwyl hulle in hul werkkring staan. Daar is baie onderwysers wat graag hulle kwalifikasies wil verbeter, maar wat om verskeie redes nie kans sien om 'n jaar studieverlof te neem om voltyds aan die Universiteit te kom studeer nie.

Die Universiteit het nou besluit om die B.Ed.-kursus so in te rig dat diensdoende onderwysers een keer per week vir die middag en aand na Stellenbosch kan kom om die voorlesings by te woon. Die werk word oor twee jaar versprei om die drag nie so swaar te maak nie. Daar was groot belangstelling reeds met die aanvang van die nuwe skema en 25 diensdoende onderwysers woon op die oomblik die kursus by.

Die Konservatorium voer 'n Opera op

'N BESONDERE geleentheid aan die einde van die eerste semester was die Konservatorium se aanbieding van die opera „Dido en Aeneas" van die Engelse komponis Purcell. Mnr. Robert Mohr het die stuk in Afrikaans vertaal en hy was ook die produksie-leier. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van die Konservatorium dat hier 'n ernstige opera opgevoer is en waarin net van plaaslike talent gebruik gemaak is. Jare gelede, in die dae van prof. Hans Endler, is dikwels operettes opgevoer, maar 'n opera is darem nie aangedurf nie. In 1951 is daar laas 'n operette deur die Konservatorium opgevoer.

Ten spyte van die beperkte geriewe van die Konservatoriumsaal het die décorontwerper, mnr. Limpie Basson, op vindingryke wyse illusie geskep wat baie bygedra het tot die sukses van die onderneming. Alle eer kom die dirigent, mnr. Leo Quayle, toe; onder sy sensitiewe artistieke leiding het die Konservatorium-strykorkes getoon dat hulle 'n klein maar kompakte en uiters doeltreffende groep geword het. Mnr. Chris Swanepoel wat na sy oorsese studie van koorleiding reeds getoon het waartoe hy in staat is, het die Konservatoriumkoor afgerig. Marina Keet was verantwoordelik vir die choreografie in die balletgedeelte wat in die opera voorkom. Die hoofrolle is vertolk deur Louisa le Roux-Cronje, Olivia Myburgh, Koos Bouwer, Freda Holzapfel en Julia Bekker. Alle betrokkenes verdien die dank van die publiek vir 'n genotvolle en stimulerende aand.

Mnr. M. M. Donald

MNR. M. M. DONALD, vroeër dosent in Engels in die Fakulteit van Opvoedkunde tot sy aftrede in 1955, is op 6 Junie 1958 skielik oorlede. Hy laat sy eggenote, 'n suster van wyle dr. Karl Bremer, en twee dogters, mevv. Hildegard Toerien en Frieda Hartig, na.

Geslagte van studente wat op Stellenbosch as onderwysers opgelei is, sal mnr. Donald onthou. Sy droë humorsin, sy minsame geaardheid en sy besondere kennis van en simpatie vir die Afrikaanssprekende student het hom 'n gewilde dosent gemaak. Sy klasse in „phonetics" het in die Opvoedkunde-Fakulteit 'n

BANK EN SPAAR BY

VOLKSKAS

DIS U EIE BANK

ARBEIDSAAMHEID

VOLKSKAS
BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

HOOFKANTOOR: PRETORIA

tradisie geword en menige student, vars in die S.O.D. met die een of ander wetenskaplike graad, sal onthou hoe „oubaas Donnie" hom met die verraderlike Engelse uitspraak laat worstel het.

Mnr. Donald was saam met wyle prof. G. G. Cillié snr. en dr. Eric Stockenström een van die dosente wat die langste in die Fakulteit van Opvoedkunde diens gedoen het. Sy groot vriendekring sal sy innemende persoonlikheid en pligsgetroue arbeid in dankbare herinnering roep.

Die Universiteitsjool 1958

VOLGENS berig van die U.S.-Joolkomitee is die bruto inkomstes van vanjaar se Jool onder die verskillende hoofde as volg:

Joolblaaie (verkoop en advertensies)	£3,722
Motorkompetisie	£3,890
Donasies	£1,087
Straatkollekte	£1,330
Programme	977
Karnaval	612
Dagvaardings	340
Diverse inkomstes	100
	£12,058

Hierdie syfers is nog nie finaal nie, daar 'n paar bedrae nog uitstaande is.

Die Joolkomitee en die Universiteit is die algemene publiek baie dankbaar vir hierdie milde reaksie op die studente se pogings soos uit die bogenoemde syfers blyk.

Aantal Grade in 1957 Toegeken

BY die twee gradeplegtighede van die Universiteit in Maart en Desember 1957 gehou is altesaam 558 grade toegeken.

Dié grade is as volg onder die verskillende fakulteite verdeel:

Lettere en Wysbegeerte: B.A. 165; B.A. in Maatskaplike Werk 7; B.Mus. 2; B.A. Hons. 18; M.A. 16; D.Litt. 4; D.Phil. 3.

Natuurwetenskappe: B.Sc. 78; B.Sc. in Huishoudkunde 12; M.Sc. 10; D.Sc. 1.

Militêre Grade: B.Mil. 16.

Opvoedkunde: M.Ed. 8.

Landbou: B.Sc. in Landb. 58; M.Sc. in Landb. 10; D.Sc. in Landb. 1; B.Sc. in Voedseltegnologie 3; M.Sc. in Voedseltegnologie 1.

Regte: LL.B. 21.

Godgeleerdheid: B.D. 12; D.D. 1.

Handel: B.Comm. 44; B.Comm. Hons. 4; M.Comm. 4; D.Comm. 1.

Ingenieurswese: B.Sc., B.Ing. 43; M.Ing. 2; D.Ing. 1.

Bosbou: B.Sc. in Bosbou 12.

Mnr. G. J. Smit Verower Franse Beurs

MNR. G. J. SMIT (B.Sc. 1956) wat die eerste student was wat die nuwe nagraadse kursus in geofisika aan die Universiteit gevolg het, het 'n groot onderskeiding behaal toe hy onlangs die studiebeurs verower het wat deur die Total-Olieprodukte (Edms.) Bpk. in medewerking met die Compagnie Francaise de Pétroles van Parys toegeken word.

Die hoofdoel van die studiebeurs is om belowende gegradueerdes wat in enige vertakking van die olienywerheid belangstel, te help om verdere gespesialiseerde kennis en ondervinding op te doen. Mnr. Smit het reeds na Frankryk vertrek en woon in Parys by 'n Franse familie in om sy kennis van Frans te verbeter. Hy sal vir twee jaar aan die Franse Petroleum-instituut verdere opleiding in die geofisika ontvang en sal dan veldwerk in olieopsporingsmetodes in die Sahara, Libië en elders in Afrika doen.

Die beurs is aan die beste kandidaat uit 'n groot aantal aspirante uit die Unie en die Midde-Afrikaanse Federasie toegeken en ons wil mnr. Smit en die Departemente Fisika en Geologie van ons Universiteit met sy prestasie gelukwens.

Sangfees Word 'n Kunsfees

DIE Stellenbosse Sangfees wat elke jaar in September gehou word, is een van die hoogtepunte in die Universiteitsjaar en 'n kostelike geleentheid vir honderde studente om in persoonlike kontak met die musiek te kom.

Nou het die gedagte by 'n aantal geesdriftige kunsliefhebbers ontstaan om die Sangfees uit te brei tot 'n ware Kunsfees, op die model van die bekende oorsese kunsfeeste wat elke jaar in Europa gehou word. Die Studenteraad het nou sy Sangfeeskomitee omskep in 'n Kunsfeeskomitee, waarop studente sowel as persone van buite dien. Daar is gepoog om die verteenwoordiging so omvattend moontlik te maak en om alle bestaande kultuurverenigings in te skakel. Hierdie komitee is fluks aan die werk en tref reeds die reëlings vir 'n aantal musiekkonserte van hoogstaande gehalte, uitstallings, 'n kinderfees, e.d.m.

Die bedoeling is dat die Kunsfees op Donderdag 4 September ingelui moet word met 'n groot konsert in die Stadsaal waar Suid-Afrika se beroemde operasangeres, Mimi Coertse, as



NUWE UNIVERSITEITSGEBOUE IN AANBOU. Bo: *Nuwe akademiese gebou vir Sielkunde, Afrikaans-Nederlands, Wiskunde.* Onder: *Laaste gedeelte van dameskoshuis Minerva.*

soliste sal optree. Dan op twee agtereenvolgende aande word die studente se Sangfees gehou. Die verwagting is dat Walter Kraft, die beroemde Duitse orrelis uit Lübeck en wêreldbekende Buxtehude-outoriteit, die Sondagaand 'n orreluitvoering in die Moederkerk sal gee.

Dan volg twee aande van toneelopvoerings, 'n musiek-aand gewy aan Suid-Afrikaanse komponiste soos Hubert du Plessis, Arnold van Wyk, Stefans Grové en ander: 'n klavieruitvoering deur die internasionale pianiste Rosalyn Tureck, 'n ligter program deur die toneelspeelster Moira Lister en 'n kamermusiek-uitvoering.

Verder word uitstallings gereël van kunstenaars soos Lippy Lipschitz en Jean Welz, van Jugoslawiese grafiese kuns, van oudhede en wapens. Die gedagte is ook om as onderdeel van die feesprogram 'n kinderfees te hou, met 'n orkesuitvoering vir kinders, 'n uitstalling van kinderkuns, ens.

Alles dui op 'n grootse onderneming wat uiteraard vir die eerste keer in die teken van die eksperiment sal staan.

Dit sal van die publiek se samewerking en ondersteuning afhang of hierdie Kunsfees 'n jaarlikse instelling sal word en op sy beurt sal bydra tot die luister van Stellenbosch as kultuursentrum.

ARTIKELS

Die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk

deur PROF. ERIKA THERON

'N GEDEELTE van artikel 117 van die gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die Carnegie-Kommissie lui soos volg:

> „Daar is gebrek aan deeglike en wetenskaplike studie van die veelsydige en ingewikkelde probleme van ware hulpverleniging aan armes.... Dit is nodig dat 'n goed toegeruste departement van sociale studies aan een van die Suid-Afrikaanse Universiteite ontwikkel waar hierdie studie speciaal kan geskied en waar die opleiding van sociale werkers en werksters kan geskied."

Maar toe hierdie verslag in 1932 verskyn het was die dept. Sosiologie en Maatskaplike Werk reeds by die Universiteit van Stellenbosch 'n werklikheid. Dit mag enersyds gewees het as gevolg van die feit dat twee van ons bekwaamste akademici, te wete proff. R. W. Wilcocks en J. F. W. Grosskopf albei lede van hierdie kommissie was en hulle vroeg reeds beywer het vir die instelling van so 'n departement. Maar dit mag andersyds net bewys dat die Universiteit van Stellenbosch wakker geloop het en besef het dat hy met die instelling van so 'n departement belangrike volksdiens verrig.

As hoof van die nuwe departement is aangestel prof. H. F. Verwoerd, die huidige Minister van Naturellesake, wat destyds professor in Toegepaste Sielkunde aan hierdie Universiteit was. Met sy bekende deeglikheid en amper grenslose ywer het dr. Verwoerd die fondamente van hierdie departement goed gelê. Hy het hom wonderbaarlik gou in sy studiegebied ingewerk en met die hulpmiddels destyds tot sy beskikking 'n goeie begin gemaak met die opleiding van sosioloë en maatskaplike werkers aan hierdie Universiteit.

Een van die belangrikste veranderings wat in die departement sedert die beginjare aangebring is, is die skeiding van die twee vakke sosiologie en maatskaplike werk, wat sedert 1948 as twee volwaardige vakke vir graaddoeleindes erken word. Vanaf Junie 1957 het die Departement ook twee professore, een in die Maatskaplike Werk en die ander in die Sosiologie, terwyl die drie lektore en die twee tegniese assistente hulle grotendeels net op een van die twee vakke toelê.

Daar bestaan gunstige fasiliteite vir studente om met nagraadse studie voort te gaan. Oor baie jare reeds word die nagraadse klasse saans gegee ten einde persone wat reeds voltyds werksaam is en in Kaapstad of ander omliggende dorpe woonagtig is die geleentheid te gee om klasse by te woon. Daar is dan ook gewoonlik 'n paar senior persone wat vir nagraadse studie by die departement ingeskryf is.

Die Departement was met sy stigting in die Ou-Hoofgebou gehuisves. Grotendeels as gevolg van die bemoeiinge van prof. O. J. M. Wagner, wat dr. Verwoerd opgevolg het, kon die Departement in 1949 in die nuwe Gebou vir Sosiale Wetenskappe intrek. Die trots van die departement is sy groot leeskamer. Behalwe 'n bykans 4,000 sosiologiese en maatskaplike werk-boeke wat in die Carnegie-

My naam is Wynand.
Ek sorg vir Ria.
Ons geld lê saam
by Saambou.
Ons huis staan
al dakhoogte.

SAAMBOU

(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Saambou-gebou, h/v Burg- en Kasteelstraat, Kaapstad. TAKKE EN AGENTSKAPPE ORAL IN DIE UNIE EN S.W.A

vz. 9

ONTHOU,
wat u graag wil lees,
staan altyd in
DIE Huisgenoot
die gewilde weekblad
vir die HELE gesin

— — — INTEKENVORM — — —

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
DIE HUISGENOOT, Posbus 1802, KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Hiermee teken ek in op DIE HUISGENOOT, waarvoor ek die som van £..... vir 12 maande/6 maande insluit

Stuur dit aan:

NAAM .....

ADRES .....

.....

.....

Datum .....

Ek is 'n ou/nuwe intekenaar. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.) (S.K.)

INTEKENGELD

	1 jaar	6 maande
UNIE	£1 15 0	17/6
RHODESIË	£1 17 0	18/6
BUITELAND	£2 10 0	25/0

As betaling per tjek geskied, voeg asb. bankkommissie by.

Deur 'n gereelde intekenaar te word kan u aansienlik bespaar, want dan ontvang u DIE HUISGENOOT vir 'n hele jaar teen slegs 35/- (vir 6 maande teen 17/6).

Vir die gerief van voornemende intekenare plaas ons hiernaas 'n intekenvorm

biblioteek is, word in die leeskamer alle naslaanwerke, offisiële publikasies, tydskrifte ens. tot die beskikking van die studente gestel. Die Departement teken op 24 sosiologie- en 20 maatskaplike werk-tydskrifte in. Die artikels hierin word gekatalogiseer volgens skrywer en onderwerp en is van groot waarde vir personeel en studente. 'n Soortgelyke register word nou opgebou, en is al byna tot op datum gebring, van die 4,000 boeke wat in die Carnegie-biblioteek is. Die kaarte bevat 'n inhoudsopgaaf van elke boek.

Soos reeds aangedui is die personeel nou aanmerklik groter as in die dae toe dr. Verwoerd die departement begin het met net een deeltydse dosent as hulp. Uitbreiding was natuurlik nodig, want nie net het die studentegetalle in die Departement toegeneem nie maar die inhoud van beide kursusse het in die jare aanmerklike veranderings ondergaan. Dit geld veral die praktiese werk in verband met die opleiding van maatskaplike werkers, waar individuele onderhoude en leiding en groepbesprekings 'n belangrike vereiste is. Die personeel maak gewoonlik goeie gebruik van hulle verloftyd om deur middel van buitelandse studie, veral in die V.S.A. waar in hierdie vakrigtings die meeste vordering gemaak is, hulle kennis uit te brei.

In verband met die opleiding van sosioloë en maatskaplike werkers het die Departement in sy kursus wat aangebied word altyd rekening gehou met landsomstandighede en landsprobleme. Noue kontak word ook gehou met welsyns- en ander liggame in ons land en lede van die personeel dien in die besture van verskeie nasionale liggame. Die keuse van onderwerpe vir dissertasies dui ook aan hoe die departement die bestudering van aktuele maatskaplike probleme, sommige waarvan eie is aan Suid-Afrika, as 'n belangrike taak beskou.

In 1944—1948 het die Departement Sosiologie onder leiding van prof. Wagner en in opdrag van die destydse Sosiale en Ekonomiese Planneraad 'n sosio-ekonomiese opname van die bevolking van agt dorpe in Wes-Kaapland onderneem. Vir die Kommissie insake Kleurlingonderwys (1953—1956) is 'n ondersoek, onder leiding van prof. S. Pauw en prof. S. P. Cilliers, onderneem oor die rol van die maatskaplike en sielkundige faktore by vertraging en skoolverlating onder Kleurlingskoliere.

Die Departement is ook besonder trots daarop dat hy 'n belangrike aandeel het in die Wes-Kaaplandse Navorsingsprojek. Hierdie ondersoek wat gesamentlik onderneem word deur twaalf verskillende departemente van die Universiteit, is 'n omvattende sosioekonomiese studie van die nie-blanke bevolkingsgroepe in Wes-Kaapland. Die werk het in 1955 in aanvang geneem en sal vermoedelik in 1958 afgesluit word. Die projek word geakkommodeer en geadministreer binne die Dept. Sosiologie en Maatskaplike Werk en prof. S. P. Cilliers tree op as hoofnavorser en sekretaris.

Daar word verklaar dat Suid-Afrika met al sy maatskaplike en rasseprobleme 'n wonderlike studie- en arbeidsveld vir die sosioloog en die maatskaplike werker is. Ons hoop dat hierdie departement van die Universiteit van Stellenbosch ook sy deel reeds bygedra het en in die toekoms sal bydra tot die bestudering van ons landsprobleme en tot die beplanning vir die toekoms.

Indrukke van die Onderwys in Noord-Amerika

deur PROF. P. S. DU TOIT

GRAAG voldoen ek aan die versoek van die Redakteur van *Matieland* om kortliks my indrukke te gee van 'n studiereis onlangs in die Verenigde State van Amerika en Kanada. Omrede die beperkte ruimte moet ek my doelbewus daarvan weerhou om te skrywe oor die land en sy mense want dan sou ek moet skrywe oor 'n groot uitgestrektheid met sy geweldig baie bedrywighede en van 'n gasvrye volk wat byna 'n afgod van „efficiency" maak. Om nie te praat van die gretigheid in die suidelike state om meer te weet van rasseaangeleenthede in ons land nie; een van hulle het ons al gou verseker: „the whole South is behind you!"

'n Carnegie-toekenning het my in staat gestel om nader kennis te maak met sekere aspekte i.v.m. die opleiding van onderwysers. Hier word konsekwent gepraat van „teacher education" en nie van „teacher training" nie. Een van die vereistes deur die toekenning gemaak, was dat ek nie lank op een plek moes deurbring nie, maar met soveel inrigtings moes kennis maak as wat met vrug gedoen kon word. Dit het my gepas en nadat 'n motor vir die doel aangeskaf is, het ek my program so opgestel dat ons die groot vasteland deurkruis

het en ook die Grand Canyon, die Yosemitevallei in Kalifornië, Salt Lake City, die Niagara-Waterval, en baie ander besondere plekke besoek het.

Onderwysers word vandag byna uitsluitlik opgelei in inrigtings wat grade uitreik. Die ou normaal-kollege van vroeër wat maar 'n tweejarige opleiding gebied het, het gaandeweg ontwikkel in 'n Onderwyserskollege wat in die reël kursusse wat vier jaar duur aanbied; dit lei tot 'n B.-graad in die Opvoedkunde. Die onderrig bestaan gewoonlik uit drie dele: algemene opleiding, akademiese opleiding en professionele opleiding. Terwyl in die eerste twee jaar die klem val op die eerste twee, geniet die akademiese (skoolwerk) en die professionele opleiding hoofaandag gedurende die laaste twee jaar. Baie van die Onderwyserskolleges het met verloop van tyd ontwikkel in Algemene Kolleges wat dan benewens die opleiding van onderwysers ook nog opleiding vir ander beroepe verskaf. Dan is daar natuurlik nog die Universiteite met hulle „schools" of „departments of Education" wat gelyk gestel moet word aan ons Fakulteite van Opvoedkunde.

Daar word, in die algemeen geneem, deeglik gesorg dat die „opvoedkunde" nie gegee sal word ten koste van die akademiese of skoolvakke nie; na 'n gesonde ewewig tussen die twee word gestrewe. Besonder baie aandag word gegee aan praktiese onderwys. Hulle glo dat 'n mens „'n ding leer doen deur dit te doen". Aspirantonderwysers bring soms tydens hulle opleiding so lank as 6 maande in die skole deur. Dit geskied onder die toesig en leiding van die dosente en ook van die sg. „master teachers," wat baie sorgvuldig aangewys word.

Waar ek in elkeen van die sowat 20 inrigtings wat ek besoek het, ook 'n paar klasse bygewoon het, is ek veral getref hoedat deurgaans getrag word om die studente by besprekings in die klas in te skakel. Nie alles wat ek gesien het was van hoogstaande gehalte nie, maar waar dit gegaan het om ryper studente wat die geleentheid gehad het om vooraf na te dink en hulle in te studeer, is beslis goeie bydraes gemaak. Dit het deurgaans nie ontbreek aan spontaneïteit en vrymoedigheid in optrede nie. Tog was ek nie verbaas nie toe 'n professor met wie ek hierdie onderwysprosedure bespreek het, maar baie krities daarteenoor gestaan het. Hy was van mening: „students were not being taught to teach, but how to talk about teaching". Vir hom het dit te dikwels neergekom op 'n „pooling of ignorance" en, soos hy besluit het: „ignorance plus ignorance plus ignorance is still ignorance."

Wat my veral getref het, was die uitvoerige fasiliteite wat deur die Universiteite en Kolleges tot die besikking van mense in diens gestel word. Dit word vir enigeen wat graag wil studeer moontlik gemaak om sy doel te bereik terwyl hy in sy betrekking staan. Trouens na-graadse studie geskied vandag in die V.S.A. hoofsaaklik in diens. Selfs 'n eerste graad kan langs hierdie weg verwerf word. Die maniere waarop die studie georganiseer word, is as volg: laat middag- en aandklasse en naweekklasse, somersessies (gedurende die lang somervakansie), klasse weg van die *campus* of waar weens 'n konsentrasie van die bevolking so 'n behoefte bestaan, korrespondensieklasse en selfs deur die medium van beeldradio.

Baie inrigtings reël dit so dat klasse doelbewus laat in die middag en saans geplaas word. Waar getalle dit regverdig, word klasse wat in die voormiddag aangebied is, dan herhaal. By 'n belangrike universiteit in Kalifornië is aan my die versekering gegee dat sowat 75% van die kursusse in die opvoedkunde wat daar aangebied word, laat in die namiddag en saans aan die beurt kom. Mense wat in-diens hiervan gebruik maak, moet 'n langer tyd as die voltydse studente aan die studie bestee en staan bekend as „limited students".

Veral gewild is die vorm van in-diens-opleiding wat tydens die somersessies (tydens die lang somervakansie) aangebied word. Hierdie sessies duur gewoonlik van ses tot tien weke. Alle universiteite en kolleges lewer hierdie diens. Die studentegetalle is dan ook gewoonlik hoër as tydens die gewone twee langer sessies. Studente stroom letterlik in hulle duisende na die inrigtings vir verdere studie. Een onderwyserskollege in die ooste het tydens die somersessie sowat 17,000 studente, meestal diensdoende onderwysers, en daar word sowat 450 professionele kursusse in 'n verskeidenheid van rigtings aangebied. 'n M.-graad kan gewoonlik verwerf word na die bywoning van vier sulke somersessies.

'n Algemene gebruik is dat die universiteite van hulle dosente stuur om op vasgestelde tye en plekke kursusse aan te bied, gewoonlik sentra waar 'n gekonsentreerde bevolking so 'n stap regverdig. Slegs beperkte akademiese krediet (met die oog op verwerwing van 'n graad) kan op hierdie manier verwerf word. Verreweg die grootste gedeelte van die opleiding en studie moet aan die Universiteit, waar al die nodige fasiliteite beskikbaar is, geskied.

Dit is opvallend hoe baie van die Universiteite en Kolleges (van die beroemdstes in die V.S.A.) kursusse by wyse van korrespondensie aanbied. Weer egter kan slegs 'n beperkte hoeveelheid krediet met die oog op 'n graad langs hierdie weg verwerf word. Geen geakkrediteerde universiteit of kollege in die V.S.A. reik 'n graad uit bloot op grond van korrespondensiestudie nie.

'n Medium wat in die jongste tyd al meer en meer aangewend word, veral as gevolg van 'n ernstige tekort aan doserende personeel, is die beeldradio. As aanvullende metode bied dit besondere moontlikhede veral as die studente dan periodiek in die klaskamer vir samesprekings byeengebring word.

Dit het my opgeval dat die universiteite en kolleges wat wil meedoen aan die opleiding van onderwysers in die V.S.A., almal vooraf met die oog daarop die goedkeuring van die betrokke staatsdepartement moet ontvang en dat die departement slegs bereid is om sertifikate uit te reik aan onderwysers wat deur die sogenaamde geakkrediteerde inrigtings opgelei is. Behalwe die staatsdepartemente van die afsonderlike state is daar ook hoër akkreditering sinstansies wat hulle bemoei met standaarde t.o.v. die opleiding van onderwysers. Die hoogste in die land is die „National Council for Accreditation of Teacher Education" en slegs sowat 284 van die universiteite en kolleges is spesiaal deur hierdie liggaam vir die opleiding van onderwysers geakkrediteer. Hulle bevind hulle onder die inrigtings vir die opleiding van onderwysers wat besonder hoog aangeskrewe staan in die V.S.A.

Hoewel die kolleges en universiteite die opleiding van onderwysers onderneem, berus die wetlike gesag i.v.m. sertifisering by die stateregerings. Dit is die staat wat die vereistes t.o.v. elke afsonderlike sertifikaat bepaal. Eers as hieraan voldoen word, kry die onderwyser 'n „lisensie". Hierdie „lisensies" is in die reël geldig vir periodes van 5 of 10 jaar en word alleen dan hernu as die houer daarvan bewys kan lewer van 'n goedgekeurde verdere studie.

Dit tref 'n mens dat die Amerikaners ten spyte van 'n tekort aan onderwysers nog steeds die minimum-vereistes vir sertifisering gaandeweg opskuif. Teen 1955 het reeds 31 van die state 'n graad (vier jaar) as die minimumvereiste vir 'n primêre onderwyser vereis. Hulle glo dat die tekort nie opgelos gaan word deur verlaging van die standaard en inkorting van die tydperk van studie nie. Dit blyk dan ook dat die tekort hom die minste laat voel juis in dié state waar die toelatingsvereistes die hoogste is. Soos 'n verslag dit gestel het: „whenever a profession raises its standards, people honor it, and are drawn to it".

Nog 'n laaste gedagte! Dit het opgeval dat die aangeleentheid van die opleiding van onderwysers in die V.S.A. die onderwerp van grondige studie en navorsing is. Elke belangrike aspek daarvan word periodiek aan 'n grondige ondersoek onderwerp en ge-evalueer. Hierin speel die „National Education Association" (N.E.A.), 'n onafhanklike en vrywillige onderwysersorganisasie met sy ledetal (geaffilieerde lede ingesluit) van sowat 1,083,000, wat hom o.a. ten doel stel „the improvement of education through improvement of the teaching profession", 'n groot rol.

Biblioteekwese as Beroep

deur MNR. J. G. KESTING

DAAR is seker min beroepe in ons land waaroor daar by die algemene publiek soveel onkunde en wanopvattings bestaan as oor die biblioteekwese. Hierdie toedrag van sake moet veral toegeskryf word aan die feit dat die moderne vrye openbare biblioteek, enersyds, en die funksionele inrigtings- en spesiale biblioteek, andersyds, 'n betreklike jong tradisie het. Dat die openbare mening steeds in hoë mate beïnvloed word deur hardnekkige oorblyfsels van die verouderde inteken- en inrigtingsbiblioteek, kan niemand kwalik geneem word nie. Dit is egter nou die besondere taak van die beroep om die aanvoorwerk wat reeds t.o.v. 'n nuwe, progressiewe benadering aangepak is, op te volg, en in die proses wyer steun en belangstelling by die algemene publiek gaande te maak. Hierdie sg. nuwe benadering is 'n logiese voortvloeisel van 'n beweging wat sowat 'n eeu gelede in die V.S.A. en Brittanje ontstaan het en sedertdien sy weg voel-voel na bykans alle uithoeke van die wêreld gevind het.

Om grotendeels verklaarbare redes het die beweging nog nooit in Suid-Afrika, en insgelyks in die meeste ander lande, tot volle wasdom gegroei nie. Sedert sy ontstaan het die beweging, getrou aan die eise van die tyd, steeds in tempo versnel en in aard en omvang 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Danksy volgehoue oortuigingswerk hier ter plaatse, en

die wonder van kommunikasie tussen volkere, staan Suid-Afrika tans in die teken van fenomenale groei op biblioteekgebied — 'n proses wat ons, kwantitatief en kwalitatief gesproke, meteens op gelyke voet met die toonaangewende volkere sal kan plaas.

In die lig van die omvangryke uitbreidings wat in die vooruitsig gestel word, het personeeltekort 'n aktuele vraagstuk geword. 'n Tekort aan mannekrag is natuurlik 'n algemene kenmerk by bykans alle vergelykbare beroepe; ook was dit nog maar altyd in die verlede 'n stremmende faktor in die biblioteekberoep. Maar daar dreig 'n krisis vir die biblioteekwese indien die opleiding van personeel nie kan tredhou met die enigsins ruim uitbreiding wat in ander afdelings van die beroep beoog word en reeds in wording is nie.

Die doeltreffende biblioteek behels vier onderling-afhanklike komponente: (1) Huisvesting en ameublement, (2) Biblioteekmateriaal, (3) Organisering van die materiaal, en (4) personeel (vanselfsprekend die sleutelfaktor). Dit is dan ook ter voorbereiding van die eise van die onmiddellike toekoms, maar veral met die oog op die skielike toename in vakante biblioteekbetrekkings in die afgelope twee-drie jaar, dat die getal Suid-Afrikaanse universiteite wat biblioteekkursusse aanbied, baie onlangs van 2 (albei in 1939 gestig) tot 6 aangegroei het.

Sedert die begin van 1958 word voltydse eenjarige voor- en nagraadse kursusse in Biblioteekkunde aan die Universiteit van Stellenbosch aangebied. 'n Baccalaureusgraad in die humanistiese, toegepaste of natuurwetenskappe is 'n voorvereiste vir toelating tot die Hoër Diplomakursus, en 5 eerstejaarsvakke in die lettere en wysbegeerte vir die Laer Diplomakursus. E.g. kursus is daarop ingestel om kandidate sodanig op te lei dat hulle leiding kan neem op biblioteekgebied, wanneer omstandighede dit vereis, terwyl daar by die Laer Diploma-kursus beoog word om juniorpersoneel (persone wat nie van biblioteekwerk 'n lewenstaak wil maak, of nie langer as twee jaar aan 'n universiteit kan of wil vertoef nie) vir hul taak toe te rus. In albei kursusse word 'n gebalanseerde opleiding aangebied met behulp van leergange wat enersyds die biblioteek met al sy aspekte in sy geskiedkundige, maatskaplike en opvoedkundige verband plaas, en andersyds die student administratief, bibliografies en tegnies vir sy taak voorberei. Hierdie leergange behels die volgende: Grondslae en geskiedenis van die biblioteekwese; Bibliografie; Biblioteekadministrasie en -organisasie; Boekkeuring en naslaanwerk; Katalogisering en Klassifikasie. Die opleidingskursus bestaan uit voorlesings, praktika, seminare, praktiese vakansiewerk, en besoeke aan biblioteke en verwante inrigtings.

Die beroep bied ruim geleenthede vir take wat sal aanpas by die persoonlike hoedanighede en opvoedkundige kwalifikasies van elke voornemende bibliotekaris. Administratiewe onderlegdheid en die vermoë om personeel te beheer word veronderstel by die Hoofbibliotekaris of senior assistent. Die boekkeurder moet oor 'n deeglike kennis van boekkeuringsbeginsels, van boeke en van die boekhandelsprosedure beskik. Katalogisering verg 'n skerp intellek, 'n logiese denkwyse en 'n natuurlike sin vir orde. Die persoon wat lief is vir mense en behae daarin sal skep om die regte boek op die regte tydstip in die regte hand te plaas, sal toonbankwerk en leesvoorligting lonende en stimulerende take vind. Vir die bibliofiel, die kenner van oudhede en die persoon wat wil studeer, bied die beroep 'n besondere heenkome. Dit geld ook vir 'n persoon wat 'n tegniese vaardigheid soos boekbindery of fotografie wil beoefen in 'n beroep met 'n opvoedkundige inslag. Iemand met 'n estetiese sin sal 'n besondere bydrae kan lewer by die ontwerp van geboue en ameublement, binnenshuisversiering, uitstalwerk, en beheer oor die biblioteek se musiek- en skilderkunsafdelings. Vir die swerwer is daar die vooruitsig van 'n rondreisende betrekking in 'n plattelandse biblioteekdiens.

Die beroep verwelkom veral jong idealistiese mense wat graag hul liefde vir mense en vir boeke in 'n lewenstaak wil verenig. Die huidige dringende aanvraag vir (a) mans en (b) persone met 'n akademiese kennis van en 'n voorliefde vir die natuurwetenskappe, verdien spesiale vermelding. Die algemene opvatting dat (a) vroue en (b) B.A.-mense 'n alleenreg op die beroep het, is nie slegs verouderd nie, maar heeltemal ongegrond.

Talryke vakante betrekkings in Suid-Afrikaanse biblioteke is die afgelope 6 maande geadverteer. Die salarisse en diensvoorwaardes vergelyk besonder gunstig met vergelykbare betrekkings in verwante beroepe.

Graag doen ons 'n beroep op skoolhoofde, onderwysers en beroepsvoorligters wat lesers van „Matieland" is, om hierdie artikel onder die aandag van matrikulante te bring. Indien u nadere besonderhede verlang, kan u navraag doen by Die Senior Lektor, Departement van Biblioteekkunde, Universiteit van Stellenbosch.

Die Departement van Duits

deur PROF. G. P. J. TRÜMPELMANN

UIT die geskiedenis van ons Universiteit blyk dat Stellenbosch die oudste leerstoel vir Duitse Taal en Lettere in Suid-Afrika het. Aanvanklik moes die dosent vir Duits ook die onderwys in Frans behartig. Die eerste dosent van hierdie tale was 'n Vlaming, dr. A. Lodewyckx, in 1905 aangestel. In 'n brief wat onlangs van hom ontvang is, word vertel dat daar destyds 50 studente was wat Duits en 6 wat Frans gestudeer het. As gevolg van die Eerste Wêreldoorlog het Dr. Lodewyckx in Australië beland. Hy was met verlof en op reis in die Ooste toe die oorlog uitbreek. Omdat hy nie dadelik kon terugkeer nie, het hy besluit om daar te bly en professor in Nederlands en Duits aan die Universiteit van Melbourne geword.

In Stellenbosch is sy werk voortgesit deur prof. G. G. Cillié en prof. D. F. Malherbe sowel as 'n Duitse hoërskool-onderwyser, H. Langenhorst van wie vandag nog vertel word dat hy so 'n weergalose bewondering vir Schiller gehad het dat daar by hom min entoesiasme vir Goethe oorgebly het. Toe hy besluit het om sy tydelike aanstelling te verruil vir 'n vaste betrekking in die Transvaalse onderwysdepartement het die universiteitsowerhede 'n leerstoel in Duits geskep en in 1921 dr. Ernst Friedlaender uit Hamburg as eerste professor beroep. Onder sy bekwame leiding het die afdeling so gegroei dat dr. J. Hoge, destyds onderwyser in Hamburg, as sy assistent met die rang van 'n senior lektor aangestel kon word.

Dit was geen maklike taak wat die twee manne op hulle geneem het nie. Hulle moes van al die geriewe van 'n ou kultuursentrum, soos hulle vaderstad, afsien en met uiters karige middele hulle departement opbou. Omdat die taak met deeglikheid en toewyding aangepak is, het hierdie departement weldra die grootste en toonaangewendste afdeling vir Duits in Suid-Afrika geword. Honderd studente het aan die voete van die twee manne gesit en innerlike verryking bekom. Onder hulle was sommige van die dosente wat later aan jonger universiteite in die noorde aangestel is. Die Tweede Wêreldoorlog het die departement wel tydelik laat kwyn, maar die grondslag was so goed gelê dat dit daarna weer vinnig verder kon ontwikkel. Die studentegetal het aangegroei tot 105 in 1954 en 220 in 1958.

Die opleiding wat hierdie studente tans van my kollega, Dr. H. Haller, en my ontvang, word bepaal deur die behoeftes in ons land. Ons voel dat kennis van 'n ou en ryk kultuur wat manne soos Luther, Bach, Kant en Goethe voortgebring het, ons jong en groeiende kultuur ten goede kan kom. Daarom beoog ons meer as blote feitekennis en laat ons graag die klem val op die bestanddele wat 'n vormende en verrykende waarde het. Ons probeer om in al die behoeftes te voorsien. Vir studente wat 'n leeskennis van Duits wil verwerf, is 'n eenjarige kursus „Spesiale Duits" ingestel. Die opleiding in die B.A.-kursusse omvat heelwat praktiese werk om die vaardigheid van die studente in die skriftelike en mondelinge gebruik van die taal te verhoog. Die oorgrote meerderheid van die onderwysers wat aan skole in Kaapland onderrig in Duits gee, kry hulle opleiding aan ons universiteit. Die ander studente het na die verwerwing van hul grade totnogtoe altyd 'n aangename heenkome gevind as joernaliste, bibliotekarisse, lede van die uitsaaikorporasie, amptenare van die departemente van binnelandse en buitelandse sake, beamptes van die staatsinligtingskantoor of vertaalburo's.

Verlede jaar is 'n verdere mylpaal bereik toe twee studente die doktorsgraad in Duits verwerf het. Daarmee het die Duitse departement as 't ware mondig geword. Een van die twee oud-studente is intussen aangestel as lektor aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy is die derde jong universiteitsdosent wat onder die leiding van die hoof van ons departement gepromoveer het. Ons hoop dat die belangstelling in nagraadse studie sal toeneem en dat ons hoe langer hoe meer ook in die behoeftes van ons universiteite sal kan help voorsien.

Uit statistieke blyk dat die getalle van leerlinge en studente wat Duits leer, gestadig groei. Dit kan nie anders nie. Wetenskaplike navorsing het gedurende die laaste jare in Duitsland weer so sterk ontwikkel en kulturele bedrywighede so 'n hoë en toonaangewende peil bereik dat elke beskaafde mens daarvan moet kennis neem en nie meer sonder kennis van Duits kan klaarkom nie.

So SAG . . . So LIG . . . So BEVREDIGEND

OF U NOUAL ALLEEN KOM OF DIE GESIN SAAMBRING

Haal Bus nr. 7 of 7N te Mainstraat 28; of kom per motor. Geselskappe word daagliks om 9.30 vm. en 2.30 nm. deur die monteerinrigting geneem.

As u in Port Elizabeth is, moet u gerus die Ford-fabriek besoek om die wonder van motorbou te aanskou.

F3256 A

DAAR WAG
'N HARTLIKE
FORD-VERWELKOMING OP U!

FORD MOTOR COMPANY OF SOUTH AFRICA (PTY.) LIMITED

Geleer deur Nederlaag

deur DR. W. NICOL

DIE bog van 'n Frans van der Merwe! Hy sit agter teen die muur in die Unie-Debatsvereniging terwyl ek op die verhogie staan en resiteer. Ek het my verbeel dat ek „Curfew shall not ring to-night" goed geken het; ruim twintigmaal het ek dit met my toe oë in my gedagte opgesê. Ek het nie eens my boek saamgebring en iemand aangestel om my voor te sê nie. Maar nou steek ek in die middel van elke vers vas, hopeloos vas. Frans vind groot vermaak daarin om hardop uit die agterste ry vir my voor te sê. Die ongenadige gehoor — daar was nogal dames teenwoordig — skaterlag in my gesig as Frans met sy kraakstem my telkens aanpor met „shall not."

Verward, blosend, vernederd gaan ek eindelik sit. Ek sweer by myself, ek sal nooit weer resiteer nie. Na die verdaging sluip ek in die donker na my kamer in Wilgenhof. In die donker gaan ek slaap; die maats moet nie vanaand kom gesels nie. Ek sal hulle sommer hier uitboender.

Die volgende môre slaan ek die ontbyt oor en sluip eers met derdegelui by die kerkdeur in. Ek kom te sit naas Harry Webb wat lekker tenoor sing. Ek self het 'n gesangboek met Tonic-solfa en vind in die bas verligting vir my bedrukte gemoed. Ons stap saam koshuis toe en Harry sê vir my: „Jy het 'n lekker stem; ons moet 'n duet saam oefen." Hennie Hanekom sluit by ons aan — hulle is altwee reeds lank dood — en sê vir my ewe vaderlik: „Nicol, jy weet Frans mag die woorde van „Curfew" ken maar jou uitspraak van Engels is tienmaal beter as syne." Hulle was my seniors en dit het my diep ter harte gegaan dat beide iets goeds sê van my pratery.

Dit was in Februarie 1904. Toe ek lekker geëet het aan Wilgenhof se bekende Sondagmiddagete was ek 'n nuwe mens. Ek kon lag oor „Curfew" en het in my hart voorgeneem dat ek ou Frans van der Merwe nog die les sou leer.

Alles het mooi meegewerk. Harry Webb het my die volgende week saamgesleep na mej. Nancy de Villiers se koor. Toe sy hoor dat ek nie op gevoel sing nie maar op note, plaas sy my tussen die ander basse om hulle op koers te kry. My ego bot! Toe sy hoor hoe ek bry, nooi sy my om dit by haar te kom afleer. Het julle nog sulke mense op Stellenbosch?

Toe ek my weer kom kry, was ek ingeskrywe by die Konservatorium vir stemvorming en spraak. Wat ek by mej. Nancy leer, beoefen ek in die Unie-Debatsvereniging en in „Ons Spreekuur." Frans van der Merwe, emeritusleraar van Vryheid, woon nou op 'n plaas hier buite Pretoria. Telkens as ek hom sien met sy kaal kop en sy glimlag, herinner dit my aan „Curfew".

In 1907 was ek klaar vir hulle. Daar sou 'n reeks van ses voorlopige wedstryde vir Engelse resitasies wees en daarna 'n finale wedstryd, vrye keuse, vir die goue medalje tussen ons ses wenners. Ek het Longfellow se „Miles Standish" voorgedra. Hierdie keer het ek tussen die dennebome op Papegaaisberg hardop gaan oefen. Ek het die stuk vir mej. Nancy en die kosgangers van Villieria voorgedra. Sy het net gesê: „Nee loop, ou seun; ek kan jou nie meer leer nie."

Toe my Pa hoor dat ek die goue medalje verower het, was sy gelukwense bra halfhartig: „Ek wens dit was vir 'n Hollandse voordrag, want jy sal eendag in Hollands moet preek." Ons Spreekuur het my goeie oefening in Nederlands besorg en ek het daardie taal nie verwaarloos nie. Toe ek in 1933 'n groep predikante in Zeist, Holland, moes toespreek, het ek my Nederlands met vrymoedigheid gebruik. Die Voorsitter het gereageer: „Is dat nu Afrikaansch? Ik kon het alles heel goed begrijpen." My vader se vrees was dus heeltemal onnodig!

In 1908 het die kans gekom. Die Nederlandse Verbond het 'n oop wedstryd vir Nederlandse voordrag uitgeskrywe. Uit meer as honderd mededingers is Frans van der Merwe, Chris Hattingh, ek en vier ander gekeur. Frans het by die finale wedstryd die gehoor aangegryp en hulle laat skaterlag met 'n grappige voordrag uit Justus van Maurik. Toe hy wys hoe die gesette ou dame uit die trein spring omdat hy sy knipmes begin slyp het om sy eie keel kamtig af te sny, het die gehoor so gelag dat ons ander mededingers weggesmelt het. Die vent kon komieklik wees!

Na hom moes daar gelukkig 'n dame volg. Sy was baie mooi en het met haar dierbare glimlag gehelp om die gehoor te laat vergeet van Frans se malligheid.

Ek moes „De Gevels der Huizen" van H. Tollens voordra. Dit is nie 'n stuk wat trane of gelag uitlok nie. Ek het egter probeer om aan elke woord en aan elke vers reg te laat geskied.

Die Administrasie het onlangs nuwe boekrakke laat aanbring in die studeerkamer van

die Administrateurswoning. Ek het eiehandig al my mooi boeke daarin uitgestal. Toe ek by dr. Jan ten Brink se „Geschiedenis der Nederlandsche Letterkunde" kom, het ek dit eers aan my huismense getoon. Op die binneblad staan geskrywe in die net handskrif van prof. W. J. Viljoen: „Eerste Prijs voor Nederlandsche Voordracht." My ego bot weer!

Na 'n halwe eeu sê ek, soos een wat nog altyd huiwerig was om sy I.K. te laat bereken, dankie ou Unie, dankie Ons Spreekuur! Julle het my geleer om my skaamheid te oorwin, om my gehoor in die oë te kyk, om my sê te sê en om te gaan sit.

Vyf-en-Twintig Jaar van Huishoudkunde

deur DR. M. E. JOOSTE

WAT was alles tog mooi, nuut en modern toe die Gebou vir Huishoudkunde op 30 Augustus 1933 ingewy is! Met trots het die dosente besoekers deur die moderne en gerieflike laboratoria gewys en met begeerlike oë het menige huisvrou na die modelkombuisie en, wonder bo wonder, 'n droogmaakkas vir Stellenbosch se nat weer gestaar. En vanjaar, pas 25 jaar na die heuglike gebeurtenis, kla die studente na 'n dag in daardie selfde kombuisie: „glad te min elektriese geriewe, warm water ontoereikend en nie eers 'n dubbele wasbak, vlekvry-staal of komposisie-werkoppervlaktes nie!" In die loop van die jare het die getal studente verdriedubbel, 'n hele paar nuwe kursusse is ingestel, en dit is nou duidelik dat die gebou glad te klein geword het.

Nou is dit weer die tyd om te werk aan planne vir die modernisering van die bestaande laboratoria en die byvoeging van nog 'n verdie-



Huishoudkunde-studente by die moderne vries-apparaat in die departement Huishoudkunde (sien meegaande artikel)

ping vir Kleding en Voedingsleer. „Kleding", of „Naaldwerk" soos ons oudstudente dit geken het, het letterlik 'n nuwe kleed aangetrek. Mej. Sara Dippenaar en mev. Basson (Leonie Kuit) het met splinternuwe idees van Amerika en Nederland teruggekom. Die oudstudent wat nou die Huishoudkundegebou binnestap, sal die Kledingafdeling en die werk wat daar gedoen word, nie herken nie. Maar ek laat die twee dames saam met mev. Le Roux (Ilet Mentz) self aan die woord:

Kleding:

„Om ten beste haar rol in die samelewing van vandag te vervul, glo ons dat 'n vrou terdeë bewus moet wees van die sosiale en ekonomiese belang van kleding; perfekte steke is nie vir haar die belangrikste mikpunt nie. Daarom stel ons dit ten doel dat studente oefen: 1. Om oordeelkundige besluite te neem in verband met die besteding van tyd, energie en geld aan kledingstowwe en -stukke vir spesifieke doeleindes; en 2. Om tydbesparende naaiwerkapparaat en -metodes te gebruik. (Ons beoefen kortpad-konstruksie-tegnieke wat op industriele metodes gebaseer is. En ons ontwikkel die vermoë by hulle om naaiwerk te beplan en te organiseer sodat dit maklik met ander huishoudelike verpligtings integreer.)

Genoemde doelstellings kan na ons meen, indirek bydra tot verhoging van die lewensstandaard, in soverre beter waarde verkry word vir die geld, energie en tyd aan die werk bestee en ook in soverre die huisvrou in staat gestel word om haar spesiale vermoë beskikbaar te stel verder as die behoefte van die gesin alleen.

Teneinde ons mikpunte binne bereik te bring, is ons naslaanbiblioteek uitgebrei; 'n elektriese naaimasjien is tot beskikking van elke student gestel; draadtellers vir tekstielstudie, halfskaal kleremakerpoppe vir drapeeroefeninge en vleuelspieëls vir snyerswerk is aangekoop. Die kledinglaboratorium is ingerig in werkeenhede en elke eenheid stel die ideale werksomstandighede vir die vrou in die deursnee huisgesin voor."

Voedingsleer:

Mev. Olivier (Marianne Strauss, M.Sc. Oregon State College) staan aan die hoof van die Voedingsleer-, Dieetterapie- en Inrigtingsbestuur-kursusse. Sy is ook tydelik behulpsaam met die beplanning van die voedseleenhede vir die nuwe koshuise wat feitlik jaarliks in aanbou is. Mev. Olivier sê: „Op versoek van die Kaaplandse Provinsiale Administrasie is 'n driejarige B.Sc. met die hoofvakke Dieetkunde en Fisiologie ingestel. Die vak Dieetkunde sluit die leerplanne in vir Voedselbereiding, Voedingsleer en Inrigtingsbestuur soos voorgeskryf vir die B.Sc. in Huishoudkunde, Dieetkunderigting. Om die studente praktiese ondervinding in grootskaalse voedselbereiding te laat opdoen, is die kombuis van een van die dameskoshuise so ingerig dat dit ook as laboratorium kan dien. Ons weet nog nie wie die kokery die meeste geniet nie: die koks of die proefkonyne! Voedingsproewe word ook reeds op diere gedoen, maar sal eers tot sy reg kom as ons vir die eerste keer oor 'n Voedingsleerlaboratorium beskik, nl. wanneer die derde verdieping daar is.

Voedselbereiding:

Mej. Louise Theron het in die afgelope Aprilvakansie mev. Nel geword. Sy is onder andere besig met die beplanning van die kookkunslaboratoria. Mev. Nel sê: „Weg met die U-vormige laboratorium (hollow square), en stel die laboratorium saam uit kombuiseenhede. Twee studente werk saam in so 'n volledig toegeruste kombuisie, onder dieselfde toestande en met dieselfde toerusting waarmee hulle eendag in hulle eie huis sal werk."

Die bevrieser en die outomatiese verseëlaar het die werk van voedselpreservering vir die vrou baie vereenvoudig. In die bevrieser hou ons die produkte by minus 20°F. vir 'n jaar of langer goed — vanaf melktert tot walvisvleis word so gepreserveer. Die verseëlaar wat gebruik word om produkte in blikke te verseël, kan ook die blik oopsny en herflens sodat 'n blik tot driemaal toe gebruik kan word.

Onderwys:

Die opleiding van onderwyseresse is 'n belangrike taak van die Departement van Huishoudkunde en mev. Smit (Mimsie Sieberhagen) skryf as volg daaroor:

„Ons is bewus van die feit dat onderwyseresse dikwels die geleentheid kry om behulpsaam te wees met die beplanning van Huishoudkunde-laboratoria. Hier word modelvoorbeelde van toegeruste kombuise vir daardie soort onderwys wat ons graag in ons skole toegepas wil sien, beplan, want die onderwys moet immers tred hou met nuwe ontwikkelinge in die samelewing. Dieselfde idee is reeds in die Naaldwerkafdeling toegepas en in die voorafgaande gemeld. Dit dra alles daartoe by dat die student 'n gebalanseerde filosofie omtrent die behoefte, die plek en die waarde van Huishoudkunde en Naaldwerk in ons skole aankweek."

Huisbestuur:

Mej. Truida Louw was besonder onder die indruk van die werk wat in Huisbestuur aan die Amerikaanse Universiteite gedoen word. Sy sê: „Die studente kry o.a. die geleentheid om met behulp van 'n „Launderometer" die doeltreffendheid van sepe en suiweringsmiddels op verskillende tekstiele op die proef te stel. Myns insiens is dit noodsaaklik dat studente op die manier kennismaak met die steeds toenemende verskeidenheid sintetiese suiweringsmiddels. 'n Bestelling vir so 'n apparaat, wat oor die £300 kos, is reeds geplaas.

Op die oomblik kry ons studente self die geleentheid om planne op te trek vir modernisering van die kombuisie in die Huisbestuurafdeling. Hiervolgens sal hul hopelik in die toekoms kan werk nie met 'n gewone konvensionele elektriese stoof nie, maar 'n elektriese oond en elektriese kookoppervlaktes wat afsonderlik ingebou is op die plekke wat vir elke doeleinde die gerieflikste is.

Kursusse:

Met beter fasiliteite in die vooruitsig, sal ons 'n groter aantal studente met gemak kan oplei. Vir die student wat wetenskaplik aangelê is, bied ons die B.Sc. in Huishoudkunde met drie verskillende rigtings aan, nl. Voorligting, Dieetkunde en Onderwys, asook 'n driejarige B.Sc. met Dieetkunde en Fisiologie as hoofrigtings. Vir die student wat minder wetenskaplik aangelê is, is daar 'n driejarige Onderwysdiploma in Huishoudkunde en Naaldwerk. Die Huishoudkunde-Departement is baie trots op wat in sy kort bestaan bereik is en sien die toekoms met vertroue tegemoet.

Nuus van Oud-Matiebond-Takke

PRETORIA:

Mnr. A. J. Esterhuyse, die ywerige Sekretaris van die oud-Matiebond van Pretoria, skryf dat die algemene jaarvergadering van die tak op 27 Maart 1958 gehou is. Mnr. Piet Meiring, Direkteur van Staatsinligting, het die aanwesiges toegespreek oor „S.A. het volop vriende oorsee" en ook is twee besonder interessante dokumentêre films vertoon.

Daar was 'n goeie opkoms en die vergadering het 'n nuwe konstitusie vir die tak goedgekeur. Ook is daar besluit om 'n Beskermheer, President en Vise-Presidente vir die tak te benoem. Die volgende persone is eenparig deur die vergadering gekies en sal genader word om te verneem of hulle die benoemings aanvaar:

Beskermheer: Min. P. O. Sauer, L.V.
President: Dr. W. Nicol
Vise-Presidente: Prof. H. L. de Waal
Dr. Theo Schumann

Soos gebruiklik het die Oud-Matiebond van Pretoria weer vanjaar funksies gereël om saam met die Intervarsity (31 Mei) in die Suide te val.

Eerstens het ongeveer 200 Oud-Maties (en 'n paar Oud-Ikeys) by die Fonteine byeen gekom om na die uitsendings in te luister en daarna weg te lê aan gebraaide wors, vleis en ander lekkernye. Voordat na die uitsendings ingeluister is het die Voorsitter die aanwesiges gevra om vir 'n tydjie te staan en sodoende meegevoel te betuig met die nabestaandes van die studente wat op so 'n tragiese wyse verongeluk het die dag voor Intervarsity.

Een en almal het 'n uiters aangename namiddag deurgebring en met die wete dat die uitslag 19—6 was (in die guns van Maties) het al wat Oud-Matie is sy bors 'n paar duim verder uitgestoot.

Onder die aanwesiges is opgemerk, Minister en mev. A. J. R. van Rhijn, prof. en mev. Theo Schumann, prof. en mev. H. L. de Waal, prof. en mev. Ben Marais, dr. en mev. J. I. Raats, prof. en mev. S. J. du Plessis, dr. en mev. S. J. van Heerden, mnr. Rocco Knobel, mnr. en mev. H. P. Dekker, dr. A. Strasheim en kaptein en mev. A. de Wit. Laasgenoemde was verantwoordelik vir die puik ontvangs van die wedstryd. Etlike Oud-Maties het vanaf Germiston, Edenvale, Krugersdorp, Johannesburg, Randfontein, Westonaria en omliggende plekke gekom.

'n Groot aantal Oud-Maties het die dansparty bygewoon waar die Burgemeesterspaar van Johannesburg (mnr. en mev. Mick Morris) — albei is Oud-Maties en mnr. Morris was ook vir 2 jaar dirigent — die eregaste was.

WELLINGTON:

Op Vrydagaand, 25 April het die Wellingtonse oud-Maties hulle eerste Jaarvergadering gehou. Die volgende bestuur is gekies:

Ds. E. J. du Toit (Voors.)
Mnr. A. W. Retief (Onder-Voors.)
Dr. G. M. C. Wassenaar (Sekr.)
Mnr. George Malan (Penningmeester)

'n Baie interessante praatjie is deur Prof. Weiss van U.S. gelewer. Sy onderwerp was:

„Die Arabiese wêreld en die huidige Middeooste-krisis." Hy het 'n oorsig gegee van die onderlinge verwantskap tussen die Midde-oosterse lande en uitgewei oor sekere botsende strominge, Arabiese nasionalisme, die Israelse krisis en Russiese inmenging in hierdie gebiede. Hy het sy praatjie afgesluit deur daarop te wys dat hierdie verwikkelinge ook die gebeure in S.A. beïnvloed en dat die Middeooste-probleme ook aan ons Universiteite bestudeer behoort te word.

Interessante nommers is gelewer deur mev. A. W. Retief en ds. M. L. de Villiers. Die vergadering is afgesluit met die sing van die Universiteitslied.

WINDHOEK:

Die oud-Matiebond van Windhoek het by geleentheid van die Intervarsity op 31 Mei 'n baie aangename funksie gehou. In die verlede was die Ikeys by hierdie feestelikheid in die meerderheid, maar hierdie keer was die Maties in groter getalle daar en het hulle ook wat die sang en jolyt betref uitgemunt.

Die oud-Maties het reeds die Vrydagaand bymekaar gekom om onder leiding van mnr. Louis Duvenage wat drie jaar lank Intervarsitydirigent was, die ou liedjies so 'n bietjie op te knap. Die welverdiende oorwinning van die Matiespan het die feesvreugde aansienlik aangewakker en onder die 180 aanwesiges het die „pips" ook nie ontbreek nie.

Die Sekretaris van die tak, mnr. G. J. Coetzee, skryf dat hierdie Intervarsityfunksie reeds „tradisie" geword het en deur al die aanwesiges besonder geniet is. Die Intervarsity-pette wat spesiaal vir die geleentheid van Stellenbosch bestel is, het baie daartoe bygedra om die regte atmosfeer te skep.



OORHANDIGING VAN DIE MASJIEN GESKENK DEUR DIE FIRMA RUTHERFORD KAAPSTAD. Van l. na r.: *mnr. G. J. v. d. Vyver, prof. R. L. Straszacker, mnr. C. G. Gearing (seun van mnr. H. E. Gearing by wie die gedagte ontstaan het om die skenking te doen), mnr. W. J. Lutsch, mnr. J. W. R. de Villiers, prof. A. Heydorn.*

KAAPSE SKIEREILAND:

Op 14 Maart 1958 het ongeveer 40 Oud-Maties van oor die hele Skiereiland in die skoolsaal van die Hoërskool J. J. du Preez, Parow vergader met die doel om 'n Oud-Matiebond te stig.

Mnr. P. J. Lombard, Hoof van die Inligtingsburo van die Universiteit, het die vergadering oor die jongste ontwikkelings aan die Universiteit ingelig.

Daar is besluit dat die tak as die Oud-Matiebondtak van die Kaapse Skiereiland bekend sal staan. Die volgende Bestuur is gekies:

Voorsitter: mnr. J. van der Westhuyzen (M.Sc. 1928)
Onder-Voorsitter: Dr. N. Sieberhagen (D.Phil. 1948)
Sekretaris: Mnr. L. Walters (B.Comm. 1945)
Penningmeester: Mnr. P. Jordaan (M.A. 1947)

Briewebus

Mnr. Louis Heyns, Voorsitter van die Kleurekomitee van die Studenteraad, skryf as volg:

„Ja-nee, meneer die Redakteur, die oud-Maties is die ene vuur en vlam oor die idee van 'n nuwe oud-Matiekleurbaadjie. Hulle raak ook net haastig, want telkens hoor ons die vraag: „Wanneer kan ons die nuwe baadjie kry?" Dit lyk asof die ongeduld toeneem.

Maar die Kleurekomitee van die Studenteraad is nie haastig nie. Hulle is nie haastig nie, omdat hulle besef dat 'n baadjie geskep moet word, nie net vir vandag en môre nie, maar vir oormôre.

Sedert die laaste berig in sake die oud-Matiekleurbaadjie in „Matieland" verskyn het, het die Kleurekomitee verdere wenke en aanbevelings van oudstudente ingewag. Soos in die verlede was meer as 90 persent van die jongste voorstelle ten gunste van 'n verandering. 'n Ad hoc-komitee van die Studenteraad is benoem om 'n nuwe baadjie te ontwerp. In hierdie komitee dien die Hoof van die Inligtingsburo, dosente van die Departement Huishoudkunde, 'n plaaslike kleremaker, en so meer. Hierdie komitee is nou besig om 'n aantal ontwerpe te oorweeg.

Ook is die studenteblad van vroeër, die „Stellenbosse Student", nagegaan om die geskiedenis van die Matiebaadjies (van huidige en oudstudente) na te gaan. Moontlik sal 'n beriggie hieroor in een van die Afrikaanse tydskrifte verskyn waarin ook dan vir oulaas 'n beroep op oud-Maties gedoen sal word om van hulle te laat hoor oor hierdie saak."

Mej. Ria van der Merwe (B.Sc. 1955) van die „Department of Nutrition, University Hospitals, S.U.I., Iowa City, U.S.A.", skryf as volg:

„Ek is hier terapeutiese dieetkundige aan die Universiteits-hospitaal van die Universiteit van Iowa. Na die voltooiing van 'n jaar se nagraadse opleiding in Sept. 1957, kan ek nou spog met 'n lidmaatskap van die Amerikaanse Dieetkunde-Vereniging. Intussen werk ek aan 'n meestersgraad in voeding. Om nou in „voedingstaal" my mening oor „Matieland" uit te spreek: Net soos die vetmakende kalorieë van studentelewe in Matieland noodsaaklik is vir die bou en groei van 'n gesonde Matiegees, so is „Matieland" die essensiële stimulerende vitamine vir 'n oudstudent.

Die Universiteit waar ek nou studeer, is 'n gesogte inrigting vir nagraadse studie in voeding. In my klas is verteenwoordigers van 10 verskillende state van die V.S.A. en 5 verskillende lande. Ek is die eerste Suid-Afrikaner wat hier aan 'n graad werk; binnekort kom hier nog 'n mediese student uit Natal. Ons Universiteit hier het 'n groot aandeel gehad aan die beplanning van die Amerikaanse satelliete. Dr. J. van Allen, hoof van die Fisika-afdeling, het die apparaat vir kosmiese strale ontwerp en gebou wat in twee van die satelliete gebruik is.

Iowa City is 'n pragtige studentedorp aan die Iowarivier, met eikebome en eekhorinkies om 'n mens na Matieland te laat verlang. Opregte Boeregroete aan almal in Matieland!"

(Ons bedank mej. Van der Merwe vir haar interessante brief. Dit is altyd verblydend om van ons oudstudente uit verre lande te hoor; ons wil ander lesers wat op interessante plekke mag vertoef, aanmoedig om hulle indrukke en wedervarings aan ons te stuur. Daar is tog baie oud-Maties wat in die vreemde rondkuier!)

Van HEINDE en VERRE

Mnr. Gys de Wet (B.Sc. Landb. 1955) was vroeër amptenaar by die Friesbeestelers-vereniging van S.A. maar boer nou in Hoopstad se wêreld. Hy het volkleure vir rugby verwerf en het later ook vir Vrystaat gespeel totdat 'n besering sy rugbyloopbaan beëindig het. Hy is een van ons lesers by wie „Matieland" 'n groot heimwee na Stellenbosch wakker roep. Hy skryf: „In hierdie deel van die Vrystaat is die oud-Maties dun gesaai en daarom dat „Matieland" se koms my altyd laat dink aan 'n ou Matie-vriend wat kom kuier en al die studentenuus kom oorvertel."

Mnr. A. W. du Toit (B.Sc., B.Ing. 1957) van Johannesburg wens ons blad alle sterkte en voorspoed toe en sê dat „Matieland" soos „'n stukkie Stellenbosch in die koevert" voel as dit daar by hom aankom.

Ds. W. v. d. W. Rautenbach (B.A. 1949) van Nababeep het die beroep na die N.G. Gemeente Klawer aangeneem. Hy beskryf „Matieland" as 'n kragtige band om die oud-studente saam te snoer en om hul belangstelling in ons Alma Mater wakker te hou.

Mnr. A. E. Strydom (M.A. 1939), Hoof van die Hoërskool Sterkstroom, vra of dit nie moontlik is om 'n sportafdeling in „Matieland" in te stel nie. (Mnr. Strydom, wanneer ons blad verskyn is die groot gebeurtenisse op studentesportgebied gewoonlik reeds ou nuus. Maar ons oorweeg dit om in die Desember-uitgawe 'n opsomming van ons sportklubs se prestasies gedurende die jaar te gee.)

Mnr. Theo Wink (B.A., LL.B. 1943) is prokureur in Uitenhage en laat sy bydrae tot die Matieland-fonds vergesel gaan van baie bemoedigende woorde oor die waarde van ons blad vir alle oud-Maties.

Regter L. de V. Van Winsen (B.A., LL.B. 1931) van die Hooggeregshof Kaapstad, is een van die vele oud-Maties op die Regbank wat sy waardering vir ons blad getuig.

Mnr. P. L. Nutt (1923—1925) van Tweespruit, O.V.S. is veral bly om te hoor van die stigting van die buitemuurse afdeling van ons Universiteit.

Dr. S. H. Fischer (B.Sc. Landbou 1939) wat sy M.Sc. in Cornell, V.S.A. en sy D.Sc. in Landbou in Pretoria behaal het, is nou in die sakewêreld in Johannesburg.

Mnr. W. Hassenpflug (1948—1954) skryf uit Tsumeb in Suidwes dat „Matieland" hom weemoedig stem, „veral as ek weer die suiwer Afrikaans lees, wat ek tot dusver net op Stellenbosch geken het."

Prof. H. L. de Waal (M.Sc. Landbou 1931) van die Universiteit van Pretoria skryf: „As oud-Matie en huidige Tukkie geniet ek nog steeds die nuusberigte oor Matieland. Alle vordering wat ons Afrikaanse universiteite op die pad vorentoe maak word sekerlik deur ons hele volk waardeer en met belangstelling gevolg!"

Mnr. J. V. Smit (B.A. 1927) is nou hoof van die nuwe parallelmedium-inrigting in Durban, die Onderwyskollege. Hy skryf dat die kollege se geboue wat nou in aanbou is, van die modernste fasiliteite in die land sal bied.

Mnr. Timo Kriel (B.A. 1919) is seker een van die oudste oud-Matie-onderwysers wat nog in die tuig is. Hy het in 1947 aan die Paul Roos-Gimnasium afgetree, maar intussen weer onderwys gegee en is nou verbonde aan die Hoërskool Dewetsdorp.

Mev. Hélène Roos (mej. Hélène Lötter — 1946—1948) woon in Kaapstad en is redaktrise van die nuwe modeblad „Sjarme".

Mnr. D. D. M. de Villiers (B.A. 1929) wat tot einde 1957 aan die Diamantveld-Hoërskool Kimberley onderwys gegee het, is nou verbonde aan die Hoërskool Sentraal, Beaufort-Wes.

Mnr. Christopher Heywood (B.A. 1948) het die grade B.Litt. en M.A. in Oxford verwerf en doseer nou Engelse Letterkunde aan die Universiteit van Sheffield in Engeland.

Mnr. W. S. van Dyk (B.Sc. Ing. 1944) van Virginia, stuur die interessante wenk op dat die Universiteitskoor of 'n ander Stellenbosse koor 'n klompie opnames van bekende Inter-

varsity-B.T.K.- en „Kraaie"-liedjies moet laat maak wat dan aan die publiek beskikbaar gestel kan word.

Verder bedank ons die volgende lesers wat waardering vir ons blad uitgespreek het: Mej. L. Naudé van Oos-Londen, mnr. D. F. Badenhorst van Upington en mej. L. C. Swart van Stellenbosch.

Dr. P. A. Rens (M.A. Sielk. 1943), van die Paarl, skryf: „Ek verwelkom die blad van harte, nie om noodwendig 'n loflied op Stellenbosch te sing nie, maar ook om uit die rypere ervaring van oud-Maties oor die hele land inisiatief en inspirasie te put om dit wat Stellenbosch is, nog groter en beter te maak."

Ds. N. J. Hanekom (M.A. 1945) van die N.G. Gemeente, Witbank-Suid, skryf 'n interessante brief oor sy herinnerings aan die studentedae. Hy noem die versorging van „Matieland" „indrukwekkend" en moedig ons aan om op die ingeslane weg voort te gaan.

Mev. B. Michau, vroeër Tertia Hanekom, primaria van Huis-de-Villiers, (Dipl. Comm. 1949), het twee jaar op Cradock onderwys gegee en is nou met 'n boer in die distrik aldaar getroud.

Mnr. G. E. Cillié (B.Comm. 1955, S.O.D.) van Durban, is een van die weinige lesers wat baie sterk gekant is teen enige verandering van die tradisionele oudstudente-kleurbaadjie. Hy skryf: „Stellenbosch was nog altyd bekend as die plek waar tradisie gehandhaaf en gerespekteer word, en wat gebeur nou? Dit is 'n floue ekskuus dat die huidige oud-Matiebaadjie net by 'n wit broek pas — wat dan van die gewone Matiebaadjie wat ook oorspronklik ontwerp is om by 'n wit broek gedra te word? Ek het die saak met verskeie oud-Maties in Natal bespreek en almal vind die plan belaglik om oor te skakel na 'n nuwe uitheemse en vreemde baadjie."

Mnr. J. W. Daneel (B.A. 1920) is vanaf begin 1958 aangestel as Rektor van die Onderwyskollege te Potchefstroom. Mnr. Daneel is een van die bekendste oud-Wilgenhoffers en het nog herinneringe van die dae toe by die lig van paraffienlampe gestudeer is en toe warm water in die koshuis onbekend was! Hy het as Rhodes-student in Oxford die M.A.-graad behaal, en was vervolgens verbonde aan die Graaff-Reinetse Opleidingskool, die Sekondêre Skool Victoria-Wes en toe aan die Onderwyskollege te Potchefstroom. Ouer lesers van ons blad sal mnr. Daneel ook nog as kranige rugby- en tennisspeler onthou; hy het ook die Royal Humane Society se medalje vir lewensredding ontvang. Ons wens hom alles sukses in sy belangrike nuwe betrekking toe.

Mnr. C. M. Schabort (B.A. 1936) wat baie oud-Maties sal onthou as Intervarsity-dirigent in 1937, is nou hoof van die Hoërskool Werda, Fauresmith. Hy spreek sy waardering uit vir „Matieland" en bedank ons veral vir die artikel oor die perswanvoorstelling i.s. studentegedrag.

Mev. Marie Wessels (Dipl. Huishoudkunde 1947), getroud met mnr. Albertus Wessels, B.Sc. Landbou, van Bredasdorp, skryf: „Dit was so 'n heerlike verrassing om weer in kontak te kom met Matieland deur „Matieland". Ek dink dis die kostelikste idee van die eeu. Die blad se inhoud en voorkoms is van so 'n wonderlike aard dat ander lede van 'n skoonheidskompetisie seker soos krummels sal voel." (Baie dankie, mevrou, ons waardeer u hartversterkende brief.)

Mnr. A. C. van Niekerk (B.Sc. Landb. 1945), die ywerige sekretaris van die tak van die oud-Matiebond op Queenstown, stuur 'n hele aantal nuusberiggies van oud-Maties aldaar:

Mnr. P. W. Dreyer (B.A. 1931) die Bond se Voorsitter en gewese Prinsipaal van Hangklip-Laerskool en P. J. Olivier, Grahamstad, is tans terug in Queenstown as Inspekteur van Bantoe-Onderwys.

Dr. G. C. Oosthuizen (B.A. 1941), leraar van die Moedergemeente, Queenstown het na die Vasteland van Amerika vertrek vir verdere studies (Teologiese fakulteit te Columbia, New York) en hoop om in Junie 1958 na Amsterdam te gaan vir 'n verdere 8 maande.

Mev. Ada Lourens (gebore Jordaan) is met haar man, A. J., wat onderwyser is aan die plaaslike Hangklip-Hoërskool, vir 'n vakansietoer na die buiteland.

Mnr. Human (H. H.) Naude (B.A. 1953) onderwyser aan die Nywerheidskool Queenstown, het vanjaar vir Grens rugby gespeel.

Mnr. Gollie van Wyk (B.A. 1941) is die kranige afrigter van Hangklip-Hoërskool se eerste span.

Mnr. Koos Langenhoven (B.Sc. Landb. 1952) van Burgersdorp het vanjaar weer vir Noordoostelikes diens gedoen.

Mnr. Fanie Swanepoel en sy gade het pas teruggekeer van 'n toer deur Europa.

Mnr. Josua Serfontein (B.Sc. Landb. 1951) en sy eggenote Anneen Leeuwner doen baie goeie werk in Queenstown op die gebied van sang, terwyl mej. Hester de Kock se voordragte baie gewild is.

Mnr. S. M. Cerff (B.A. 1943; M.Ed. 1954, Cum laude) het wyle mnr. D. B. Malan opgevolg as hoof van die Hoërskool Hangklip, Queenstown.

Dr. Louis Rex (D.Phil. 1927), president van die oud-Matiebond te Queenstown, het 'n beroep na Irene, Johannesburg aangeneem.

Mnr. Jan (J. D.) Smith (B.A. 1943) van die Redaksie „The Star" Johannesburg, skryf as volg: „By ontvangs van die tweede uitgawe van die pragblad „Matieland", gewy aan die belange van ons oudstudente, kan ek nie anders as om iets te sê nie.

Daar is natuurlik baie oud-Maties wat vandag koerantmanne is — „Die Burger" het 'n hele „nes" van hulle — maar ek meen „The Star" is die enigste Engelse koerant in die Unie waar nie minder as drie oud-Maties die pen hanteer nie. Behalwe ekself is daar nog hier die Nuusredakteur van „The Star", mnr. John van Hoogstraten, en mnr. Burger Botha („Eendjie"), broer van die kranige rugbyspeler Attie Botha, Matie-eerstespan en later Noord-Transvaal en Rhodesië.

Ekself was op my dag (B.A. 1943 en M.A.-student 1944) sportredakteur van die studentekoerant „Die Matie". Na diens op vele Suid-Afrikaanse koerante, o.a. „Die Vaderland" en „Dagbreek", skryf ek reeds twee jaar lank die enigste rubriek in sy soort in Suid-Afrika vir „The Star". Dit heet „An Afrikaner's Diary", onder die skuilnaam Jan Burger. Doel daarvan is om die Afrikaner by die Engelsman bekend te stel.

Ek wil nie spog nie, die krediet gaan eerder na my Alma Mater, maar ek meen ek is ook die enigste oud-Matie wat aktief in die beroemdste koerantsentrum ter wêreld, Fleet Street, gewerk het. Dit was in 1952 toe ek die Suid-Afrikaanse wenner van 'n beurs van die Imperial Relations Trust was.

As rubriekskrywer het ek net een puntjie aan te merk op u andersins lesenswaardige blad: Kan u nie 'n geselsrubriek instel nie waarin op gemoedelike wyse vertel word van huidige en vergange kaskenades van Maties en oud-Maties asmede kopstukke wat hulle nou uithaal. Sommer so 'n bietjie van 'n „groot brag".

Mnr. D. C. Neethling (B.Sc. 1954) is met nog 'n oud-Matie, mnr. Robert Cooke (B.Sc. 1955) besig met karteerwerk in die oostelike gedeelte van Noord-Rhodesië — die deel bekend as „Charterland Concession". Hy sê dat olifante nog volop is in die wêreld waar hy hom nou bevind.

Mnr. Fella Scholtz (B.A. 1953), vroeër onderwyser op George, het die onderwys vaarwel toegeroep en is nou verbonde aan 'n sakeonderneming op Heidelberg, K.P.

Mnr. Con Hofmeyr (B.Sc. Ing. 1951), bekende Matiedirigent, is nou assistent-stadsingenieur op Wellington.

Mej. Ingrid Rode (B.A. 1955) is bibliotekaresse op Wellington.

Mnr. J. C. van der Westhuizen (B.A. 1926) bekende Springbok-senter van vroeër, is nou skoolinspekteur op Wellington.

Mnr. Flappie Lochner (B.Sc. 1933), ook een van die ou Springbokke, is dosent aan die Opleidingskollege, Wellington.

Mr. A. W. Retief (B.A. 1928; B.Ed. 1930) is hoof van die Hoërskool, Wellington.

Mnr. Peter Maree (B.Sc. Landbou 1955) is verbonde aan die Grondbewaringspersoneel, Wellington.

Ds. D. T. du P. Moolman (M.A. 1942) is leraar van die gemeente Wellington-Noord.

Mnr. Henry Nortje (B.A. 1950; M.Ed. 1951) Juniorkaptein van 1950, is hoof van die Laerskool, Wellington.

Mnr. C. P. van der Merwe (B.A. 1926; B.Ed. 1929) is hoof van die Opleidingskollege, Wellington.

Mnr. J. E. M. Verwey (M.A. 1955) is met ingang 1 Julie 1957 aangestel as hoofklerk in die Administratiewe personeel van die Universiteit. Hy het eers op Barkly-Wes en Caledon onderwys gegee en is daarna as hoof van die Willem Myburgh-skool op Frankfort (K.P.) aangestel.

Mev. J. H. Slabbert (B.A. 1948) van Leeukuil, Inyazura, Suid-Rhodesië, skryf: „Hier is nogal heelwat Afrikaners in ons wêrelddeel en daarby baie oud-Maties. Die meeste is werksaam in die tabakbedryf. Ons stuur almal ons beste wense vir 'n lang en interessante lewe vir ‚Matieland'."

Die „Matieland"-fonds

LESERS wat op die oproep i.s. bydraes tot die Matieland-fonds gereageer het, het weer vir 'n mooi bedraggie gesorg. Tot op 15 Februarie 1958 was die totaal £78.7.6. Sedertdien is van die volgende persone bydraes ontvang wat ons hiermee met dank en waardering erken:

	£	s	d
Totaal (tot 15 Februarie 1958)	78	7	6
Albertyn, Dr. C. F., Eikedal, Marmionweg, Oranjezicht, Kaapstad	1	0	0
Andrag, Ds. R. G., Posbus 118, Bredasdorp	1	0	0
Badenhorst, Mnr. D. F., Posbus 181, Upington	1	0	6
Bakkes, Mnr. I. S., p/a Munisipaliteit, Parow, K.P.	1	1	6
Barnard, Mnr. P. D., „Vier Winde", Port Shepstone	1	0	0
Beyleveld, Mev. K. E., Schoemanstraat 976, Pretoria	1	1	0
Bosch, Mev. E. D., Queenstraat, Adelaide	1	0	0
Bosch, Mnr. J. F., Brandwag, Mosselbaai	1	0	0
Bosman, Mnr. F. H., Posbus 1, Ashton, K.P.	1	1	0
Briers, Mnr. M. C., Posbus 79, Smithfield	1	1	0
Cilliers, Mnr. C. A., Pretoriusstraat 990, Arcadia, Pretoria	1	0	6
Claassens, Dr. J. D. M., Kensington Singel No. 2, Oranjezicht, Kaapstad	1	0	0
Clur, Mnr. D. B., Hoërskool, Warrenton	1	0	6
Coetzee, Mej. A. P., Posbus 29, Velddrif	1	0	0
Conradie, Mnr. en Mev. F. D., Kanonstraat 58, Uitenhage	2	0	0
Conradie, Mnr. F. G., Gesantskap v. d. Unie van Suid-Afrika, Leoforos Diamandidou 5, Psychico, Athene, Griekeland	4	10	0
Cooper, Mnr. J. C., Landdros, Springbok	1	0	0
Daneel, Prof. J. W., Onderwyskollege, Potchefstroom	1	0	0
De Jager, Mnr. J. B., Vyfdelaan 14, Cradock	1	0	0
De Kock, Dr. Gilles, Liesbeek Kanker Kliniek, Liesbeekweg, Rosebank, K.P.	1	1	0
De Kock, Dr. M. H., Reserwebank, Posbus 427, Pretoria	2	2	0
De Kock, Mnr. N., „Rustig", P.K. Orchard	1	0	0
De Kock, Mnr. P. P., Posbus 59, Bethal, TVL.	1	10	0
Deport, Mnr. P. J. Ertjiesdam, Caledon	1	0	0
De Villiers, Mnr. D. J., Signalberg, Posbus 1, Grunau.	1	1	0
De Villiers, Dr. John, Geologiese Opname, Posbus 401, Pretoria	1	0	6
De Villiers, Mnr. J. P., Roodehoek, Posbus 4, Slabberts O.V.S.	1	0	6
De Villiers, Mnr. P. J., Posbus 106, Springbok, Namakwaland	1	1	0
De Vos, Mnr. A. H., W.G.A. Bpk., Posbus 765, Port Elizabeth	1	0	0
De Waal, Prof. & Mev. H. L., Schoemanstraat 1027, Pretoria	1	0	6
De Waal, Mev. P. L., P/S B 809, Vryburg	1	0	0
De Wet, Mnr. G., Posbus 1, Hoopstad, O.V.S.	1	1	0
De Wet, Mnr. L. J., Hoërskool, Theunissen	1	0	0
De Wet, Mev. M. J., Bosfontein, Bredasdorp	1	0	0
De Wit, Mnr. J. P., Privaatsak 176, Pretoria	1	0	0
Du Plessis, Mnr. Hubert L., Konservatorium vir Musiek, Stellenbosch	1	0	0
Du Plooy, Mnr. M. J., Posbus 21, Odendaalsrus	1	0	6
Du Preez, Mnr. D. J., Posbus 10551, Johannesburg	1	0	6
Du Toit, Mnr. F. E., Hilton Heights 402, Esselenstraat 49, Hillbrow, Johannesburg	1	0	6
Du Toit, Mev. G. C., Alfalfa, Oranjerivierstasie, K.P.	1	0	6
Du Toit, Mnr. J., p/a Jan S. de Vielliers & Seun, Posbus 1474, Kaapstad	1	1	0
Erasmus, Dr. C. J., Posbus 201, Robertson	1	0	0
Erasmus, Mnr. & Mev. J. A. Loskop, Somerset-Oos	5	0	0
Ferreira, Mnr. P. H., Beckham House 6, Kloofstraat 41, Kaapstad	1	0	0
Fischer, Dr. S. H., Posbus 6521, Johannesburg	1	1	0

Nou

is die tyd om te verseker teen

ONGEVALLE

U kan bes moontlik een van die 524* slagoffers van padongelukke wees wat gedurende hierdie week in Suid-Afrika gaan plaasvind. Is u gedek vir geval 'n ongeluk u inkomste affekteer? Is u genoegsaam gedek? Vir u eie gemoedsrus sal dit beslis die moeite werd wees om seker te maak hiervan. En SANTAM se deskundige diens is gratis tot u beskikking. Moenie onnodig risiko loop nie. Dit is *nou* die tyd om seker te maak van u ongevalleversekering. Tree vandag nog in verbinding met u naaste Santam-kantoor of -verteenwoordiger.

Santam

VIR VEILIGHEID

Vir Ongevalle- Motor- Brand- en Diefstalversekering raadpleeg

SANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK

HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28 KAAPSTAD

**Syfers uit amptelike Maandbulletin van Statistiek.* ST-15o

	£	s	d
Fouche, Mnr. J. J., Vrystaathuis, Bloemfontein	1	0	0
Fourie, Mnr. L. P. J., Hoërskool, Trompsburg	1	1	6
Frielingsdorf, Mnr. K., Ankam, P.K. Mariental, S.W.A.	1	10	0
Goosen, Dr. G. R., Albertstraat 114, Waterkloof, Pretoria	1	0	6
Greybe, Mnr. F. J., Posbus 196, Standerton	1	0	0
Grosskopf, Mej. M. E., Louwstraat 11, Stellenbosch	2	0	0
Hanekom, Mnr. G. van der M., Posbus 42, Dundee	3	3	0
Hanekom, Ds. N. J., Posbus 488, N.D.G. Gemeente, Witbank-Suid, TVL	1	0	6
Hassenpflug, Mnr. W., Posbus 270, Tsumeb, S.W.A.	5	0	0
Hayward, Mnr. P. M., Rietfontein, Steytlerville	3	0	0
Heunis, Mnr. C. C., Markstraat 58, Grahamstad	5	0	0
Heywood, Mnr. C., Sheffield Universiteit, Sheffield, Engeland	1	1	0
Hiemstra, Regter V. G., Hooggeregshof, Pretoria	2	2	6
Hofmeyr, Regter S., Hoë Hof, Windhoek, S.W.A.	1	1	0
Hofmeyr, Dr. W. L., Weerburo, Privaatsak 97, Pretoria	1	0	6
Holzapfel, Mnr. C. R., p/a Yskor Hoofkantoor, Posbus 450, Pretoria	1	0	6
Honiball, Mnr. G. T., Posbus 59, Windhoek, S.W.A.	1	5	0
Hugo, Dr. G. J., Moorreesburg	1	0	0
Kleynhans, Adv. T. E., Waalstraat 4, Kaapstad	1	0	6
Kriek, Ds. J. A. J., Die Pastorie, Chipinga, S.R.	2	0	0
Kriel, Mnr. Timo, Oxfordstraat, Dewetsdorp	1	0	0
Kruger, Mev. E., Osborneweg 56, Norwood, Johannesburg	1	0	6
Kruger, Mnr. J., Asst. Hoofbestuurder, S.A.S., Johannesburg	1	0	6
Kuun, Mnr. H. C., P.K. Melodie, Oor Pretoria	1	0	0
Lamont, Mev. E. M., Helmsley Hotel, Hofstraat, Kaapstad	1	1	0
Langenhoven, Mnr. H. P., Posbus 7, Hercules, TVL	1	0	0
Le Roux, Mnr. D. F., Nywerheidskool, Dewetsdorp	1	0	0
Le Roux, Mnr. D. J., Westelike Graanboere, Dorpstraat 42, Stellenbosch	1	0	0
Loedolff, Mnr. G. W., Posbus 21, Odendaalsrus	1	0	6
Lotz, Mnr. E. v. d. S., Helderbergstraat 12, Stellenbosch	1	0	0
Loubser, Dr. M. M., Ormondeweg 26, Muckleneuk, Pretoria	1	0	0
Loveday, Mnr. N. C., Arcadiastraat 1064, Hatfield, Pretoria	1	0	0
Loxton, Mnr. E. M., McIntyrestraat 44, Parow, K.P.	1	0	6
MacKenzie, Mnr. & Mev. A. A., „Sutton", P.B. 78, Ixopo	2	2	0
Malherbe, Mnr. C. E., p/a L.N.I., Universiteit, Pretoria	1	1	0
Malherbe, Dr. F. E. J., Rowanstraat 9, Stellenbosch	1	0	0
Malherbe, Mnr. J. C., Reitzstraat 20 A, Potchefstroom	1	0	0
Marais, Mnr. D. B., Privaatsak 97, Pretoria	1	0	0
Marais, Dr. I. v. Z., Southeystraat 33, Harrismith	1	0	0
Marais, Regter J. F., Charlesstraat 163, Brooklyn, Pretoria	2	2	0
Marais, Mnr. J. P., Foleystraat 3, Kimberley	1	1	0
Maree, Mnr. B. D., Posbus 5958, Johannesburg	2	0	0
Marincowitz, Mnr. N. J., Posbus 3768, Johannesburg	1	0	0
Markotter, Mnr. J. C., Walkerstraat 219, Pretoria	1	0	0
Meisenholl, Mnr. F. W., Lovedaystraat 226, Muckleneuk, Pretoria	1	0	6
Minnaar, Mnr. J. A. J., Ou Tweefontein, P/S Bothashoek, Graaff-Reinet	1	1	0
Morkel, Mnr. P. K., Bellevue, Koelenhof, K.P.	1	0	0
Mostert, Mnr. F. J., Markstraat, Hopefield	1	0	6
Mouton, Mnr. C. J., Posbus 3, Citrusdal	2	0	0
Neethling, Mnr. C. L., Posbus 27, Malmesbury	1	0	0
Nieder-Heitmann, Mnr. N., Skool vir Doofstommes, Privaatsak, Roodepoort, TVL	1	0	0
Nigrini, Mnr. L. P., Posbus 112, Zeerust, TVL	5	0	6
Norval, Mej. E., p/a Dept. van Voeding, Privaatsak 75, Bloemfontein	1	0	0
Nutt, Mnr. & Mev. P. L., Posbus 2, Tweespruit, O.V.S.	1	1	0
Pienaar, Mnr. E. J., Posbus 50, Morgenzon, TVL	1	0	0
Pienaar, Mnr. J. H., Truterstraat 14, Robertson	1	0	6
Potgieter, Mnr. D. H., Posbus 12, New England, Oor Aliwal-Noord	1	0	0
Potgieter, Mnr. D. J., Belvederelaan 21, Oranjezicht, Kaapstad	1	0	0
Pretorius, Dr. S. J., Universiteitskantoor, Stellenbosch	1	0	0
Rautenbach, Ds. W., N.G. Pastorie, Posbus 47, Klawer	1	1	0
Read, Mnr. & Mev. M. B., Rebeccastraat 63, Florida, TVL	2	0	6
Redelinghuys, Ds. D. J., Posbus 71, Philippolis	1	0	0
Reitz, Mnr. H. K., De Wetstraat 76, Worcester	1	0	0
Rens, Dr. & Mev. P. A., Durrstraat 12, Paarl	1	1	0
Retief, Mnr. A. W., Hugenote-Hoërskool, Wellington	1	0	6
Rode, Mnr. B., Rouxstraat 7, Riversdal	1	0	0
Roos, Dr. G. D., Posbus 90, Bronkhorstspruit, TVL	1	0	0
Roos, Mnr. H. H., Westergloor, Wellington	1	0	6
Rosenberg, Mnr. A. B., Paul Krugerstraat 10, Stellenbosch	1	0	0
Ross, Mnr. A. T., Outenikwa-hostel, Meadestraat, George	1	0	0
Rossouw, Mnr. P. J., Inspekteur van Skole, Pleinstraat 19, Paarl	1	0	6
Roux, Mnr. C. P., Posbus 3, Worcester	1	0	0
Sadie, Mnr. J. P., Tweedestraat 12, Linden, Johannesburg	1	5	0
Schoeman, Mej. C., Rembrandt, Stellenbosch	1	0	6
Schoeman, Mnr. Jurgens J., Posbus 142 Oudtshoorn	2	0	0

	£	s	d
Schoonees, Mnr. L. J., Ackermannstraat 5, Stellenbosch		10	0
Schumann, Dr. T. E. W., Andersonstraat 73, Pretoria	1	0	0
Schumann, Mev. W., Rowanstraat 5, Stellenbosch	1	0	0
Senekal, Dr. J. H., Dept. Duits, Universiteit, Witwatersrand, Johannesburg	1	0	6
Sleigh, Mnr. J. W., Hanworth House, Lourensstraat 55, Somerset-Wes	2	2	0
Smit, Mnr. F. v. Z., p/a Regsadviseurs, Dept. van Justisie, Veritasgebou, Pretoria	1	0	0
Smit, Mnr. G. E., Von Wiellighstraat 345, Pretoria	1	1	0
Smit, Mnr. J. V., Onderwyskollege, Queen Marylaan, Durban	1	0	3
Smith, Mnr. J. G., Dept. Plantkunde, Universiteit, Stellenbosch	1	0	0
Snijders, Ds. H. J. C., Greylingstraat 34, Pietermaritzburg	1	0	0
Söhnge, Dr. G., Posbus 419, Tsumeb, S.W.A.	2	0	6
Steenkamp, Mev. C., Tierfontein, Carnarvon	1	1	6
Steenkamp, Ds. L. M., Posbus 31, Gobabis, S.W.A.	1	0	0
Steyn, Mnr. A. P. A., Posbus 99, Klerksdorp	2	0	6
Steyn, Mnr. Johan S., Posbus 62, Lydenburg	2	0	0
Stimie, Mnr. C. M., Van der Byllaan 17, Durbanville, K.P.	1	0	0
Strauss, Dr. C. A., p/a Yskor, Posbus 450, Pretoria	1	0	0
Strijdom, Mnr. J. J., Hoofstraat 36, Citrusdal	1	0	0
Strydom, Mnr. A. E., Hoof, Hoërskool, Sterkstroom	1	0	0
Strydom, Mnr. J., Môreson, De Villiersstraat 9, Bloemfontein	1	10	0
Swart, Ds. L. P., Kingstraat 25, Malvern, Johannesburg	1	0	0
Terblanche, Mnr. J. P., Posbus 10, Avontuur, K.P.	1	0	0
Theron, Mej. Hester, P.K. Mkhoma, Nyasaland	1	0	0
Theron, Mnr. J. A., 4de Laan Wes, Clocolan		10	6
Theron, Mnr. J. du P., Posbus 27, Tulbagh	1	0	0
Theron, Mnr. W., Hoërskool, Keimoes	1	0	0
Truter, Mnr. F. C., Hoërskool, Bonnievale	1	0	0
Uys, Mnr. Thys, Posbus 8, Van Reenen, Natal	1	0	0
Van Blommenstein, Mnr. J. A., Navorsingstasie, Privaatsak, Nelspruit	1	0	0
Van Brakel, Mnr. C. J., Posbus 98, Stellenbosch	2	0	0
Van der Merwe, Mnr. C. J., Kerkstraat 125, Worcester		5	0
Van der Merwe, Mnr. J. P., Maraisstraat 86, Brooklyn, Pretoria	1	0	6
Van der Merwe, Mnr. S. W. B., P.K. Tontelbos, Calvinia	1	0	0
Van der Riet, Mnr. B. le S., Posbus 37, Prieska	1	0	6
Van der Spuy, Mnr. V. A., Tweedestraat 35, Linden, Johannesburg	1	0	6
Van Doorn, Mnr. & Mev. C., Afdeling Landbou, Posbus 520, Windhoek, S.W.A.	1	0	0
Van Dyk, Mnr. W. S., Posbus 156, Virginia, O.V.S.	2	2	6
Van Garderen, Dr. J., Afdeling Skeikundige Diens, Privaatsak, Pretoria	1	0	0
Van Heerden, Mnr. H. P., P.K. Plateau, Kenya	2	0	0
Van Niekerk, Mnr. P., Greystraat 53, Strand	1	0	0
Van Rensburg, Mnr. F. G. J., Posbus 669, Pretoria	1	0	6
Van Soelen, Mev. M. J., Erasmusstraat 52, Ladybrand	1	0	0
Van Vuuren, Mej. Petra, P/S Neu-Loore, Windhoek, S.W.A.	1	0	0
Van Vuuren, Mnr. T. Jansen, Posbus 13, Kaapstad	1	1	0
Van Winsen, Regter L. de V., Regterskantoor, Hooggeregshof, Kaapstad	2	2	6
Van Zijl, Mnr. E., Posbus 2077, Windhoek, S.W.A.	1	1	0
Van Zyl, Mnr. F. S., Hoërskool Genl. Hertzog, Posbus 105, Witbank, TVL	1	0	0
Van Zyl, Mnr. H. B., Posbus 99, Cleveland, TVL	1	0	6
Van Zyl, Mnr. & Mev. P. A., Hoopstraat 42, Robertson	1	0	0
Vedder, Dr. H. H., Okahandja, S.W.A.	2	10	0
Veldman, Dr. M. H., Heystekstraat 46, Rustenburg, TVL	2	0	0
Verhoef, Dr. P. A., Kleineweide 6, Stellenbosch	1	0	0
Vermooten, Mev. M. M., Mainstraat 451, Waterkloof, Pretoria	1	0	6
Verster, Mnr. S. W. J., P/S Laerskool Boy Muller, Ceres	1	0	6
Viljoen, Mej. A. M., Piet Retiefstraat, Tulbagh	1	0	6
Viljoen, Mnr. J. H., Posbus 8, Williston	1	0	6
Visser, Dr. H. N., Rosestraat 128, Riviera, Pretoria	1	0	0
Vivier, Mnr. C. L., Die Laan 14, Stellenbosch	1	0	0
Von Ahlften, Mnr. J. K., Frans du Toitstraat 14, Sasolburg	1	0	0
Wagenaar, Mnr. P. A., Posbus 34, Jamestown, K.P.	1	0	6
Wagner, Mnr. & Mev. J. J., Vaalhartsnavorsingstasie, P.K. Jan Kempdorp	2	0	6
Wannenberg, Mej. E., Erinville, Roosstraat 1, Wellington	1	0	0
Wessels, Mnr. D. G., Navorsingstasie, Jan Kempdorp	1	5	0
Wiid, Mnr. S. C., Weltevrede, Plooysburg, Oor Kimberley	2	0	0
Wink, Mnr. Theo, Posbus 60, Uitenhage	1	1	0
Totaal (tot 15 Junie 1958)	£314	4	3



LOOPBANE by YSKOR

Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), met meer as 20,000 werknemers (blank en nie-blank), as die grootste produsent van yster en staal in Suid-Afrika, verskaf in sy organisasie geleentheid vir interessante loopbane van sowel tegniese as administratiewe aard.

In die tegniese personeel is daar vakatures vir tegniese kwekelinge (d.w.s. vir gegradueerdes in die Chemiese, Elektrotegniese, Werktuigkundige en Mynbou-Ingenieurswese); vir Skeikundiges en Metallurge (in albei gevalle gegradueerdes); vir Laboratoriumassistente (gematrikuleerdes met skeikunde) en vir Vakleerlinge in die verskillende bedrywe. Ook word manne tot die ouderdom van 30 jaar voortdurend benodig vir opleiding as produksiewerkers.

Vir gegradueerdes in die Handel en Lettere of met ander aanneemlike universiteitsgrade of vergelykbare kwalifikasies is daar poste as administratiewe kwekelinge, terwyl gematrikuleerde jongmanne in aanmerking kom vir aanstelling as klerklike assistente.

Yskorwerknemers geniet die voordele van 'n bydraende Pensioenfonds, 'n Mediese Bystandsfonds, 'n Huiseienaarskema, 'n Verlofbonus, ontspanningsfasiliteite, e.d.m. Vir getroude werknemers is behuising beskikbaar op Vanderbijlpark, Thabazimbi en op Sishen, terwyl huisvesting vir ongetroude werknemers in hierdie sentrums ook beskikbaar is.

Verdere inligting is verkrygbaar by die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Posbus 450 **PRETORIA**



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

Rembrandt

VAN RIJN

FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier